
## Dominee stap 800 km op pelgrimspad

**'n Dominee van Pretoria wou vanjaar, op 60 en met 'n hele paar hartklep- en skoueroperasies agter hom, sy sabbatsverlof gebruik om vir 30 dae aaneen te stap. Nico Swart sê hy wou vir homself nuwe hoop losstap. Heléne Meissenheimer het vir Kerkbode Kollig met hom gesels.**



29 Mei 2026 www.kerkbode.co.za | facebook.com/kerkbode Deel 257 – Nommer 160

# KERKBODE



# Spanne maak planne toe storms wyd verwoesting saai

Die Gamtoosvallei in die Oos-Kaap was een van verskeie landbougebiede wat erg geraak is in die stormweer en vloede wat verskeie dele van die land vandeesmaand getref het.
Plaaswerkers soos Awie Miggels en sy dogter Mammie het groot verliese gely toe hulle huis oorstroom het. Hier kyk hulle deur klere wat die NG Kerk Gamtoosvallei as skenkings ontvang het van sover as Jeffreysbaai en Gqeberha. Ook komberse en kos is gestuur om verligting aan mense in nood te bring. Die Wes-Kaapse premier Alan Winde het intussen op 19 Mei gesê daar is 11 mense dood sedert die eerste vlaag onweer dié provinsie getref het. Reënmeters in die provinsie getuig nou van die swaar neerslag wat verwoesting sowel as verligting gebring het, met die kollektiewe damvlak in die Wes-Kaap wat in een week van 52,46% tot 70,59% gestyg het, luidens 'n verklaring.
Die herstel van elektrisiteit in talle dele van die Wynland-distrik was dae ná die ergste reën steeds 'n prioriteit vir die provinsie se rampresponsspanne. Foto: Johan van der Watt

**Kan die Belydenis van Belhar ons tot ons sinne help bring in hierdie tyd waar Amerika konflik in die Midde-Ooste aanvuur? Bl 6**

# Oudste predikantsweduwee vier mylpaal

GERDRIE VAN DER MERWE

Op 22 April 2026 het tant Koba Schabort haar 109de verjaarsdag gevier in die siekeboeg te Westerbloem in Bloemfontein. Dit is 'n gewilde versorgingsoord van die NG Kerk in die Vrystaat.

Tant Koba is tans die oudste predikantsweduwee in die NG Kerk. Sy is die weduwee van ds Louis Lehmkuhl, wat 22 jaar lank leraar was in die NG Gemeente Frankfort. Na sy emeritaat in 1972, vestig ds Louis en Koba hulle in 'n splinternuwe huis op 'n boereplaas in die distrik Steynsrus. Hy sterf skielik op 14 Mei 1974 in die hospitaal op Kroonstad, daarna hertrou sy en word mev Koba Schabort.

Jacoba Olivier, soos sy gedoop is, se vader was ds Andreas Johannes Olivier. Hy was van 1931 tot 1944 leraar in die NG Gemeente Brandfort in die Vrystaat. Hy is op 15 Julie 1949 te Stellenbosch oorlede, aan die huis van sy skoonseun, prof FJM Potgieter. Dit is dieselfde gebou waar ds Olivier studeer het voor sy legitimasie in 1913.

Die huis was aan die linkerkant, vandag deel van die huidige Kweekskoolgebou. Op hierdie eiland en terrein, het Simon van der Stel op 8 November 1679 kamp opgeslaan. Ds Johannes Olivier was 'n geliefde leraar met 'n aangename persoonlikheid, 'n Skrifgetroue prediker wat pligsgetrou sy gemeentewerk gedoen het. Hy is begrawe by die NG kerkgebou op Brandfort. Hy is die oupa van prof Pieter Potgieter, twee keer moderator van die Algemene Sinode van die NG Kerk.

Ds Johannes Olivier het 'n interessante lewensverhaal, wat op 19 September 1884 begin op die plaas Rooikrans in die distrik Rosendal. Met die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog in 1899, sluit hy as penkop aan by die boerekommando. Die vader en die twee seuns word gevang en na Ceylon verban. Terug as 19-jarige seun met slegs standerd 4, voel hy geroepe om predikant te word. Met geloofsmoed en volharding begin hy weer skool-



gaan en matrikuleer op Franschhoek. Daarna studeer hy aan die destydse Victoria Kollege en Teologiese Seminarium op Stellenbosch. Die dorp Reivilo is na hom vernoem, as 'n mens die naam van agter lees.

Hy trou met Anna Helletjie Smuts van Moorreesburg en uit die huwelik is vyf dogters gebore. Vier trou met predikante, wat 'n groot rol in die NG Kerk speel. Die oudste is Johanna Catharina Olivier, wat met prof FJM Potgieter trou, dekades lank professor aan die Kweekskool in die Eikestad. Hulle is in 1939 getroud in Nederland.

Met die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog kry hulle plek op die laaste skip wat na Suid-Afrika vertrek. Op see breek 'n brand op die skip uit, wat 'n deel van dr Pottie se boekery vernietig. Jacoba Olivier trou met ds Louis Lehmkuhl. Paula Olivier trou met dr Wicus Coetzer, jarelange geneesheer op Burgersdorp. Marie Rhodesia Olivier is gebore terwyl haar vader predikant was in Rhodesië. Sy was getroud met prof Hennie Joubert, lank verbonde aan die Universiteit van Fort Hare. Aletta Cornelia Olivier is getroud met ds Eddie Botha, wat jonk op 27 September 1966 sterf aan 'n hartaanval, as dienende leraar van die NG Gemeente Drieankerbaai.

Ons bid tannie Koba die seën van die Here toe en is dankbaar vir 'n lang gespaarde lewe.

*Dr Gerdrie van der Merwe is 'n kerkhistorikus.*

# *'Dankie dat julle julle deure oopmaak, nie net vir die heiliges nie, maar vir die **soekendes**'...*

"My pa het my geleer dat jy nie geloof verduidelik nie, jy leef dit." **Karin Zoid** gesels met **Annabelle Lombard** oor kerkorrels en broosheid in haar nuwe opvoering wat sy beskryf as "nie 'n gospelkonsert nie". Zoid sê: "Dit gaan oor 'n kunstenaar wat haar storie vertel in 'n ruimte wat daarvoor gemaak is. My gunsteling? Psalm 42:2. 'Soos 'n wildsbok wat smag na waters smag my siel na U, o Heer.'"

"Dit gaan oor 'n kunstenaar wat haar storie vertel in 'n ruimte wat daarvoor gemaak is. My gunsteling? Psalm 42:2. 'Soos 'n wildsbok wat smag na waters smag my siel na U, o Heer.'"

"Dis veral mense wat seergekry het in die kerk, of dalk kwaad is vir die Here: Jou woede en jou seer is welkom hier, sonder verwagting en sonder druk en dalk gebeur iets in jou wat jy nie beplan het nie. Musiek doen wat woorde nie kan nie."

**Zoid Psalms**

"In Bloubergstrand se kerk het iets in my gekliek: die argitektuur, die stilte, die geskiedenis. Ek het geweet ek wil hier sing in die mees onverwagse en onvergeetlike omgewing. 'n Kerk se mure wat al alles gehoor het, vreugde, rou, twyfel, hoop. Daar sing jy saam met generasies.

"Ek het ook besluit om vrede te maak met die orrel – die instrument wat vir my persoonlik baie onderdrukking veroorsaak het, die lae klanke het my as kind bang gemaak en my herinner dat môreoggend weer Maandag is. Die orrel weier om te verdwyn en ek hou van dinge wat bly. Die eerste optrede saam met die orrel, was 'n gevoel wat ek nie kan beskryf nie. Dit is imposant, majestueus, en dit gryp jou in jou borskas.

"Die plaaslike koor word ook deel



van die belewenis. 'n Koor is die evangelie en *collaboration* in aksie, verskillende stemme, verskillende stories, een klank.

**Oor geloof, lof en aanbidding**

"My pa het die aflosstokkie van geloof aangegee en verder terug: die oumense in ons kerke wie se name ons vergeet het, maar wie se liedere ons nog ken. Ek probeer net hardloop met die aflosstokkie, op my eie manier. Met Zoid Psalms bring ons respek, energie, ons eie persoonlike lofoffer en danksegging.

"Lof gebeur wanneer iets so mooi is dat jy nie kan stilbly nie. Aanbidding vind plaas wanneer jy jou ego neersit. Vir my gebeur dit in enige liedjie wat die waarheid praat. Musiek vir die Here is iets wat in die hemel ontstaan het wat op aarde soveel genot bring."

Wat beteken dit vir jou om jou getuienis op hierdie manier te deel?

"Psalms is die eerlikste lirieke wat ooit geskryf is, woedend, hartseer, hoopvol, alles in die teenwoordigheid van die Here, en dit is heeltyd. Die naam 'Zoid Psalms' gaan oor eerlikheid.

"Dit is die mees kwesbare ding wat ek nog op 'n verhoog gedoen het. Geen masker. Net ek, my stem, my storie en 'n pyporrel wat ouer as my ouma is. Dit is nie 'n preek nie, dit is ek wat my hart oopmaak deur die musiek wat ek ken. As dit iemand raak, was dit die moeite werd. Die *band* sê dit voel anders as enige ander verhoog. Ons ry na elke vertoning weg in 'n goeie stilte."

**'n Boodskap aan gemeentes**

"Dankie dat julle julle deure oopmaak, nie net vir die heiliges nie, maar vir die soekende, die skeptiese, en dié wat al lankal wou terugkeer maar nie geweet het hoe nie. Ons bring 'n kulturele erfenisviering aan mense wat dalk nog nooit julle drumpel oorgesteek het nie. Dit is die geskenk."

**Karen Zoid tree op by Skuilkrans NG Gemeente se Winterkuiermark op Vrydagaand 31 Julie en Saterdagaand 1 Augustus.**

*Annabelle Lombard is deel van die bedieningspan van die NG Gemeente Skuilkrans.*

## Predikantma vertel van haar Downsindroom-kind

# 'Ek moes lief raak vir die kind wat ek gekry het'

'n Gemeentepredikant van Pretoria sê haar dogter met Downsindroom het haar hele verstaan van mawees verander. Sy kyk ook met 'n nuwe bril na wat mense se lewe waarde gee. **Lizl-Louise Schoeman** het haar storie in Moedersdagmaand vir **Heléne Meissenheimer** vertel.



Danielle is 21 jaar gelede vroeggebore met 'n noodkeisersnee op haar pa Pieter se verjaardag. Lizl-Louise was toe 33. Hulle eersteling, Rohan, was net minder as twee jaar oud. Voor hom het hulle lank gesukkel om swanger te raak.

Sy onthou die pediater het dadelik vir hulle gesê dat hulle pasgebore babadogtertjie Downsindroom het. Chromosoomtoetse het 'n paar dae later bevestig klein Danielle het Trisomie 21. Dit beteken dat sy 'n ekstra chromosoom het wat haar fisieke en intellektuele ontwikkeling sou vertraag. Downsindroom Suid-Afrika beraam dat ongeveer een uit elke 600 babas in ontwikkelende lande met hierdie genetiese aanpassing gebore word.

Lizl-Louise vertel dit was moeilik om hierdie nuus te hoor én om dit met die familie te deel. Almal was hartseer. "So, jy het hierdie paradoks, hier is nuwe lewe maar almal huil," onthou sy.

Hulle het ook die gemeente vertel waar sy toe al vir 'n paar jaar medeleraar was. Die reaksie was sag. "Net liefde en omgee. Dit het regtig vir ons 'n tuiste gegee om deur hierdie goed te werk," vertel sy.

Omdat sy gevoel het haar baba het haar nou nodig, het sy die kerkraad gevra om haar werkverpligtinge minder te maak.

Kyk sy terug hoor 'n mens by haar dat dit 'n wyse besluit was. "Ek glo daaraan dat 'n mens jou emosies moet hanteer," sê sy. Hulle as ouers het moes leer wat verg ouerskap van 'n kind met spesiale behoeftes. Onder meer moes sy haar verwagtinge as ouer van hierdie dogtertjie aanpas. Lizl-Louise vertel "ek het in absolute rou gegaan. Ek moes die kind groet wat ek nie gekry het nie sodat ek kon lief raak vir die kind wat ek gekry het – sodat ek haar kon omhels en die lewe saam met haar kon deel."

Iemand het in hierdie tyd gesê sy moet nuwe drome vind vir haar kind. "Dit het my gehelp verstaan jy hou nie op met droom nie, jy kyk met 'n amper nuwe bril na wat sy kán regkry.

"Daardie het vir my 'n lewenswyse geword. Om so te kyk na mense. Ek sê altyd die regte helde is nie dié wat die voorblaaie haal nie, dit is mense wat elke dag opstaan *against the odds* of ten spyte van wat hulle gekry het," voeg sy by.



Onder haar helde tel ook hulle seun, Rohan. Sy sê sy wil vir ouers sê dis verskriklik belangrik dat die sibbe ook raakgesien word. Hulle lewe verander ook. Dikwels gaan die meeste van die ouers se aandag in die kind met spesiale behoeftes.

**'My hele verstaan van menswees is verander'**

Twee jaar later, in 2006, toe haar kollega 'n beroep na 'n ander gemeente aanvaar, het sy gevoel sy is gereed en gesond genoeg om na voltydse bediening terug te keer. Sy pos is nie weer gevul nie, so sy was vir sewe jaar die enigste leraar van die NG Gemeente Valhalla in Pretoria. In 2014 het sy 'n beroep aanvaar na die NG Gemeente Monumentpark.

In hierdie tyd is Danielle skool toe. Sy was die kleinste dogtertjie in haar ouboet Rohan se laerskool. Die skool het spesiaal minder kinders in haar klas geplaas asook 'n hulponderwyser aangestel.

Haar ma sê hoewel dit nie aldag maklik was vir Danielle nie (sy kon agterkom sy is anders), dink sy tog hierdie blootstelling aan hoe die lewe regtig is was vir hulle dogter goed.

Danielle het ook 'n goeie vriendin gemaak. Dié het op die eerste dag wat hulle ontmoet het vir haar ma vertel haar maatjie het "dancing dream". Die twee vriendinne het vandag nog kontak.

Teen graad 3 was die leertempo te vinnig. Die Schoemans het intussen gehoor Izelle Els, 'n universiteitsvriendin van Lizl-Louise, het 'n leersentrum begin vir kinders met Downsindroom bekend as Club 21. Dié organisasie sonder winsbejag het toe net een kleinerige skool gehad in Pretoria, maar het sedertdien na sewe kampusse dwarsoor die land uitgebrei.

Lizl-Louise vertel wat vir hulle as ouers belangrik was is dat hulle dogter gevoel het sy is deel van die groep. Sy was nie meer die een wat anders is nie. "Ons het besef daar is min goed soos hierdie geborgenheid – dit is 'n belangrike deel vir hulle heelwees en menswees," sê sy.

Danielle het haar hoërskool daar klaargemaak. Sy is nou besig om te leer hoe om 'n klashulp te wees by dieselfde leersentrum se naskool. Haar ma lag: die kinders luister vir haar, want sy is kwaai. Die sentrum het ook 'n werkprogram. Dit beteken Danielle kan sommige dae in plekke soos Spar saam met 'werk coaches' gaan werk.

Haar ma vertel sy kan sien haar dogter is gelukkig. "Sy voel sy maak 'n verskil. Haar lewe het vir haar betekenis," sê sy.

Lizl-Louise vertel as ma én predikant het sy 'n groot les geleer. "Ons het so grootgeword dat jou waarde eintlik lê in alles wat jy kan doen, wat jy kan regkry en wat jy kan bereik … ek moes daar ontdek God het gekies sodat sy deel sal wees van die lewe en net dit maak haar waardig ongeag wat sy sou kon doen of nie kon doen nie," vertel sy.

Sy kyk as predikant met ander oë na mense. "My hele verstaan van menswaardigheid is vandag anders.

> **Vervolg op bl 4**

> Vervolg van bl 3

My bediening is verryk op 'n manier wat ek andersins nie sou gehad het nie. My belewenis in my lewe was wit en swart en Danielle het al die kleure van die reënboog kom bysit," sê hierdie leraar wat ook dien op die leierskap van die NG Kerk se Noordelike streeksinode.

**Wanpersepsie regstel: Hulle is kinders, nie 'engeltjies' nie**

Daar is 'n wanpersepsies oor kinders met Downsindroom wat sy graag wil regstel. Een is dat almal dieselfde is. Sy sê hulle het ouers ontdek wat glo as jy een kind ontmoet het, is dit een kind. Elkeen is uniek en verskil ten opsigte van wat hulle van hou om te doen en wat nie.

Daar was jare terug 'n dokumentêre radioprogram, *Die hemelkinders*, wat Fanus Rautenbach nog uitgesaai het. Lizl-Louise sê sy hoor steeds mense wat vir haar vertel kinders met Downsindroom is engeltjies. "Dis 'n kind, hoor, met haar eie giere en geite," is hierdie ma gou om jou te vertel.



**Onder haar helde tel ook hulle seun, Rohan. Sy sê sy wil vir ouers sê dis verskriklik belangrik dat die sibbe ook raakgesien word. Hulle lewe verander ook.**

"Ek glo nie ons help ons kinders deur vir hulle jammer te kry nie. Jy berei hulle nie reg vir die lewe voor nie," verduidelik sy. Haar woorde eggo wat ek laasjaar gehoor het in die Afrikaanse teaterstuk, *Annie+Helen*. Dit is gebaseer op die Amerikaanse een, *The Miracle*, wat gaan oor die ware verhaal van die eerste ontmoeting tussen 'n wilde doof en blinde Helen Keller op 12 en haar tuisonderwyser, Anne Sullivan. Helen se ouers en ouer broer het haar te jammer gekry om haar tafelmaniere te leer. Anne sou haar nie net maniere leer nie, maar taal wat vir Helen die geleentheid gebied het om later 'n gevierde skrywer te word.

Ook vir Lizl-Louise is dit belangrik om haar dogter nie teen die lewe te verskans nie, maar haar die spasie te gee om te leer en te leef.

Die lewe spaar hierdie kinders immers nie. Hulle ervaar ook teleurstelling en verlies. Hulle probeer ook daarvan sin maak. Danielle se beste vriendin by die leersentrum is verlede jaar dood aan kanker. Soms sê sy haar hart is swaar van die trane. Haar ma sê sy het vir haar dogter gesê haar trane mag maar loop, want dit vertel iets van hulle liefde vir mekaar.

Sy voeg by: "Sommige mense praat ook van *disabled*. Ek verkies *differently abled* want hulle het wel 'n geskenk om te gee – dat hulle die lewe vir ons ryker en dieper maak", sluit hierdie ma af.

# 'Die wêreld moet julle stem hoor, praat uit die pyn van julle geskiedenis'

LE ROUX SCHOEMAN

"Hoe roep God ons om te reageer op hierdie oomblik in die wêreld?" Dit is die kernvraag van 'n Amerikaanse afvaardiging wat van 19 April tot 27 April die land besoek.

"Ons streef daarna om die Prins van Vrede na te volg en tans is daar nie vrede nie," het eerw dr Mae Elise Cannon op Sondag 19 April aan leiers van die NG Kerk, VG Kerk en verteenwoordigers van die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke in Johannesburg gesê. Cannon is die uitvoerende direkteur van Kerke vir Vrede in die Midde-Ooste, 'n uiteenlopende koalisie wat 37 denominasies verteenwoordig en in Washington DC gevestig is. "Ons deel 'n gemeenskaplike toewyding in die naam van Christus om vrede te bewerkstellig," aldus Cannon.

Sy was aan die woord tydens die erediens by Aan-die-Berg Gemeente in Northcliff. "Dit is 'n betekenisvolle oomblik om saam te aanbid en my gebed is dat God eenheid, waagmoed en gesamentlike optrede sal bring as resultaat van ons tyd saam, vandag en in die dae wat volg," het dié leraar vanuit die Reformed Church in America (RCA) gesê.

Dit gaan volgens Cannon nie net oor konflik in die Midde-Ooste nie, maar oor oorweldigende gebrokenheid wat ons oral sien. "Ook in ons eie siele en gemeenskappe."

"Hoe bly ons getrou aan die evangelie wat goeie, goeie nuus is? Dit is goeie nuus vir ons, maar dit moet ook goeie nuus wees vir Gasa, en vir die Kaapse Vlakte en immigrante in die VSA." Cannon het na die Suid-Afrikaners gedraai: "Ons het julle nodig. Ons kom om te luister en te leer by ons vennote in die VGK en NGK, ons kom in solidariteit en ons moet groot en meedoënlose moed hê. Die wêreld het die kerk in Suid-Afrika nodig om betrokke te raak by hierdie oomblik en met moed te praat vanuit julle ervaring en vanuit die pyn van julle geskiedenis," was Cannon se pleidooi.

Dr Nioma Venter, die algemene sekretaris van die NG Kerk, het dit as solidariteitsbesoek beskryf "aan susterskerke, maar nie uitsluitlik gereformeerde kerke nie, met die doel om kontekstuele werklikhede van ons onderskeie kontekste te bespreek." Venter verduidelik: "Die doel (van die Amerikaners se besoek) is veral om saam te onderskei hoe ons teologies op werklikhede en narratiewe oor ons kontekste reageer – want daar is en bly 'n roeping vir die kerk om soos Jesus 'vrylating vir gevangenes uit te roep en herstel van gesig vir blindes, om onderdruktes in vryheid uit te stuur, om die genadejaar van die Here aan te kondig' (Luk 4:18-19)."

"Julle teenwoordigheid is 'n inspirasie vir ons … om ons te herinner dat ons tesame 'n ander wêreld kan bou," het eerw Mzwandile Molo, die algemene sekretaris van die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke, in 'n kort verwelkoming aan die besoekers gesê.

Lidmate van VGK Lakeside Gemeente asook prof Leepo Modise was onder plaaslike besoekers. Met Modise se eweknie as moderator van die kerkverband, ds Jan Lubbe, wat die preek aan die hand van 'n teksgedeelte uit Lukas 24 waargeneem het.

Tydens die diens, wat ook aanlyn uitgesaai is, het kerkleiers van die NG Kerk, VG Kerk en besoekers uit die VSA saam die nagmaal gebruik.

Van NG Kerk-kant het 'n intertaakspan-afvaardiging die ook met die besoekers ontmoet, waaronder lede van Algemene Taakspan Leer en Aktuele Sake, Taakspan Navorsing, die fokusgroep vir Publieke Getuienis, die Taakspan Miga 6 vir versoening en geregtigheid, asook lede van die Algemene Sinode Moderamen se dagbestuur.

Venter het aan *Kerkbode* gesê: "Die (ontmoetings) was eerlik – het ondersoek of ons raakpunte sien wat deur groter geopolitiese konteks loop, waaroor ons teologies saam kan besin. Temas wat aangeraak is uit die verskeie kontekste het ingesluit: polarisasie in die kerk en samelewing wêreldwyd; hoe dit die eenheid van die kerk impakteer; hoe spanning tussen ideologie en teologie verdiep; Christelike nasionalisme; die narratief van 'n wit volksmoord in Suid-Afrika; oorlog in die Midde-Ooste, insluitend Israel-Palestina en nou ook Iran; die impak van Amerikaanse politiek op die ganse wêreld."

Ds Rudi Swanepoel, leraar by Aan-die-Berg Gemeente, het oor Sondag se erediens gesê: "Ek was diep onder die indruk van die gewig van die geleentheid. Hierdie tyd van diep verdeeldheid, ekonomiese ongeregtigheid en gewapende konflikte vereis van Jesus-volgelinge om met 'n verenigde stem te praat."



# Die ontstaanverhaal van *bediening* **op** *wiele...*

## en die mense daaragter

"Ja, so ons doen maar sulke goeters," sê Santie Tyrer en lig haar skouers.

Sy vertel van 'n vrou wie se man onlangs oorlede is: "Dit was 'n reënerige Dinsdag, en dit is koud en die vrou is soos amper in 'n *trance* … jy weet. Maar dis maar hoe sy is. Om te oorleef.

Want haar man het haar vreeslik emosioneel mishandel en vir haar gejok en haar ge-*abuse*. Ek vat haar toe van die begrafnisondernemer na die plek waar jy betaal vir die graf. Dit is só hartverskeurend om die weerloosheid so te sien. Want alhoewel hy haar rêrig nie goed behandel het nie, mis sy hom."

"Jinne, maar dit klink amper of jy met Moeder Teresa getroud is," sê ek vir haar man Henry.

Ons sit in hulle sitkamer op 'n plot buite Nelspruit. Later gaan wys hulle vir my die stoor met rye en rye vrieskaste en yskaste. Hulle gee meer as 1 200 gesinne maandeliks kos en help 'n hele lot hulporganisasies.

"Sy is meer as Moeder Teresa," lag Henry, "sy help so baie mense. Jy moet die boodskappe sien wat hulle vir haar stuur, hulle sê sy is 'n engel van die hemel. En sy gee nie net kos nie, sy bring ook Woord. Sy gee vir elkeen so 'n kaartjie met 'n versie op en jy moet sien hoe waardeer hulle dit."

Die twee vertel my van 'n hawelose man wat op 'n stadium by hulle in die huis gewoon het. Henry sê Santie het hom eers laat bad en geskrop met Jik om hom skoon te kry. Later het hy heeltemal reggekom en 'n werk gekry in Durban.

"Ai weet jy, hy was net die kosbaarste, kosbaarste mens," sê Santie en skud haar kop. Sy vertel van die dag toe sy gehoor het hy is oorlede: "Sy kleinboet bel my … En ek is benoud! 'Terug strate toe?' vra ek. 'Nee, stil huis toe,' sê hy. Hy is dood aan 'n hartaanval op 69."

Santie en Henry se lewe is alles behalwe vervelig. Terwyl ons gesels dink ek aan die ou wat gesê het hy is nóú so besig, hy weet nie waar hy tyd gaan kry vir 'n *midlife-crisis* nie. Tussen al die "gewone" aksie is Henry eintlik 'n makelaar. Santie werk voltyds met mense in nood, maar kry geen salaris nie.

Hulle vertel hartseer stories, maar hulle oë is vol dankbaarheid en verwondering. Die Here is goed vir hulle, sê hulle keer op keer.





Hulle pad met die haweloses het jare terug begin toe Santie op 'n dag aangemeld het om te help kosmaak by NG Nelspruit se hawelose koskombuis. Sy het by drie "blink gedrinkte" boemelaars gaan sit en gesels.

"My pa was 'n ouderling en hy het gereeld gepreek daar op die plaaskerk. So, ek het as 'n dogtertjie darem altyd die Woord gehoor. Toe gaan sit ek maar daar by die drie manne en praat met hulle. Maar niks gaan in nie, want hulle is gedrink! Maar ek het toe 'n lang pad met hulle begin stap en dit het my hele lewe verander."

Vandag meer as twintig jaar later is die mense op wie die wêreld opgee, steeds haar en Henry se bediening. Ministry on Wheels is vandag 'n geregistreerde Artikel 18A maatskappy. Hulle skakel steeds by NG Nelspruit in en die gemeente ondersteun hulle bediening.

"Dit voel vir my dit is my familie. Almal is altyd so vriendelik en ons musiekbediening is puik. Ons is ook al die jare geseënd met puik dominees," sê Henry.

Ek vra waar die naam Ministry on Wheels vandaan kom?

"Hulle het gesê ons moet die bediening iets noem. Ek sê toe eers *Kingdom-something*, maar iemand sê toe nee, dit klink soos die Jehova's," lag Santie.

"Toe sê die een dominee, wat van 'Bediening op Wiele', want jy's altyd in die lorrietjie. Toe sê ek ooo … oukei, en toe het dit Bediening op Wiele geword en toe later Ministry on Wheels.

Behalwe vir kos, help hulle ook met klere, meubels en op 'n klomp ander maniere.

"As die klerekas by die NG Moedergemeente Nelspruit vol is, dan gooi Koekie en Elsie dit vir my in sulke sakke en stuur 'n foto en sê: Kom, maak leeg!" sê Santie.

Tussen dit alles gebeur die gewone lewe.

Hulle vertel van die lang pad met hulle seun, Christiaan, wat breinskade opgedoen het met geboorte, van 'n wonderwerk later in sy lewe, en hoe hy vandag deel is van die bediening.

Santie sê sy was baie hartseer toe haar dogter onlangs Amerika toe geëmigreer het. "En toe ek een môre weer so tjank, toe sê die Here so ín my siel in: "Weet jy toe hulle hier gebly het by Alkmaar, het ek mos mooi na haar gekyk, dink jy nou rêrig ek gaan nie nou ook mooi na haar daar anderkant kyk nie?""

Ek vra wanneer laas hulle op vakansie was.

Die twee probeer dink. Vyftien jaar gelede? Nee, twaalf jaar terug een keer by 'n familielid se plekkie by die see. Hulle was darem ook al by Marlothpark, net die Vrydag en Saterdag, sê Henry.

"Wat is julle grootste behoefte?" vra ek.

Hande, sê hulle, mense wat kan help en aanhou help – en kan uithou saam met hulle!

Wat maak hulle moedeloos?

"Wel, gemeentemense wat *actually* kan help en sê, oeee, dis so wonderlik wat julle doen! Maar hulle gaan liewerster nóg 'n *quilt*-lessie doen of nog 'n *tea-party* hou … en kan nie een dag per week inval, net van agtuur tot vieruur, en kom help nie," sê Santie.

Hulle bedien oor kerkgrense heen. Party gemeentes sê hulle sal help, solank die projek hulle gemeentelede wat swaarkry ondersteun.

"Ons doen dit," sê Santie, "maar die meeste van my mense sê reguit hulle glo nie. So, ek gaan aanhou kos aflaai tot hulle begin glo! Ek help enigeen."

Hulle groot droom is om eendag die stukkie grond, wat hulle tans huur, te koop en dit te ontwikkel in laekostebehuising om mense in nood te help.

Ek is geen makelaar soos Henry nie, maar ek kan nie dink aan 'n groter belegging van hoop in die lewe van mense in nood, as hierdie bediening van die twee interessante mense van Nelspruit nie.

Dit was Pinksterweek in Nelspruit. Ons het onder andere gesels oor hoe baie die vroeë kerk gedoen het met min. Wat 'n voorreg om te sien hoe Santie en Henry Tyrer iets hiervan ook in ons tyd uitleef.

*Ds Jaco Strydom is verbonde aan die Echo-Jeugbediening en die NG Gemeente Villieria.*

## NG Kerk moet aanhou getuig:

# 'Ons het wit nasionalisme in die naam van God probeer, en dit het nie gewerk nie'

Kan die Belydenis van Belhar ons tot ons sinne help bring in hierdie tyd waar Amerika konflik in die Midde-Ooste aanvuur? vra **Rudi Swanepoel** met die belydenisskrif se 40-jaar mylpaal.



Dit is vanjaar 40 jaar sedert die Belydenis van Belhar deur die destydse NG Sendingkerk aanvaar is as deel van hulle belydenisgrondslag.

Dit is ook vanjaar 40 jaar sedert die NG Kerk die dokument *Kerk en Samelewing* goedgekeur het. As wat (verklaring? gespreksdokument? padkaart?) is ek nie aldag seker nie.

Einde April 2026 tree prof Dirkie Smit vir die tweede keer af (die eerste keer was by die Universiteit van Stellenbosch) na 'n 10-jaar-verbintenis met Princeton Theological Seminary in die VSA.

Sy afskeidswoorde is skerp, roerend, ondersoekend, belydend en soms snaaks. Op meer as een oomblik klink dit (vir my) asof sy stem wil kraak onder die gewig van die diepste menslike emosie.

Ek hang aan sy lippe. Maar dan, ek het nog altyd, en al kan ek nie die presiese invloed raak genoeg beskryf nie, is hy een van die akademici/leermeesters wat my op die grootste manier gevorm het.

Die gedagte dat iemand soos hy aftree, of uiteindelik gaan sterf, maak my hart swaar.

Maar dan onthou ek dat sy betreding van die ewige lewe 'n unieke nalatenskap sal voortbring.

Dirkie is – en ek weet nooit wat die korrekte/diplomatiese manier is om dit te stel nie – die hoofskrywer, of één van die hoofskrywers van die Belydenis van Belhar.

Dit is grootliks deur die 40-jaar-herdenking en die invloed van twee Amerikaanse teoloogvriende, wat die toepaslikheid en onbetwisbare relevansie van dié veelbesproke dokument vir die afgelope maande 'n daaglikse, soms uurlikse bewustheid in my kop en hart is.

Kan dit wees dat dié dokument, hierdie woorde uit die grond van Afrika en haar kinders se penne, 'n onmisbare en rigtinggewende hulpmiddel vir die Christelike Kerk van 2026 in die breedste gesien kan wees?

Kan dit wees dat in hierdie oomblik, hierdie bykans ondenkbare tyd waar die magtige Amerika en sy intieme bondgenoot Israel onder andere 'n uiters vreemde konflik in die Midde-Ooste aanvuur in die naam van die Heilige Jesus, dat die Belydenis van Belhar nou die grootste impak kan hê om hulle / ons tot ons sinne te help bring?

Daar word maklik vergeet dat groot dokumente soos die Barmenverklaring en Belhar ontstaan het in direkte reaksie op die blatante waninterpretasie en ongebreidelde misbruik van die evangelie van Jesus Christus, van Jesus sélf deur kerk en staat.

En Suid-Afrika, o Suid-Afrika!

Dit is hier waar ons op bitter pynlike maniere geleer het dat dit teen God se wil en plan en ontwerp is dat mense hiërargies ingedeel en hanteer word.

Dit is hier waar ons probeer het om mense se behoefte aan vryheid en waardigheid en geleenthede te ondermyn of in te perk.

Dit is hier waar ons wéét – ons, die wit Afrikaanses van hierdie kosbare land – dat ons redding en genesing in skuldbelydenis én hande vat en vorentoe kyk, ja in goddelike hoop lê.

Dit is dít waaroor die NG Kerk nou moet getuig en die wêreld moet waarsku: ons het wit nasionalisme in die naam van God probeer, en dit het nie gewerk nie.

Dit was (en is) 'n fout en sonde omdat dit lynreg indruis teen die nuwe mensheid in en deur Jesus.

Daarom verbind ons ons tot nederige en opregte navolging van die Here.

Ons besef dat onse kerkie – hierdie klein bietjie sout en handjievol suurdeeg – nie te klein is om 'n rol te speel in God se nuwe wêreld nie.

Ons leef met die realiteit van ons gewigtige verlede en ons put uit die krag van vryspraak en vergifnis.

Ons wil saam met alle mededissipels van Jesus bou aan 'n beter Suid-Afrika (en wêreld!) waar mense kan floreer.

Jesus (en Jesus alleen) is Heer.

*Ds Rudi Swanepoel is 'n leraar by Aan-die-Berg Gemeente in Johannesburg.*

**Besoek kerkbode.co.za vir Jan Lubbe se rubrieke.**



Cas Wepener



# Verbeel jou ’n seisoen van preeklose eredienste

Dis Pinkstertyd. En sedert die herlewing onder leiding van ds Gottlieb van der Lingen in die Paarl in 1861, beteken Pinkstertyd ook preektyd. Mense veronderstel dikwels ’n verband tussen preke en die werking van die Gees. Juis ook met Pinkster. So staan daar nog op baie kanselklede in Suid-Afrika: “So Spreek die Here.” In navolging van die Duitse teoloog Karl Barth, sou dit beteken dat die Gees die woorde van ink op die bladsye van die Bybel, in die prediking, die lewende Woord van God maak.

Maar hoe weet ek wat in die kerkbank sit en luister ek hoor die Gees? Predikers preek ook wie hulle is en daarom is die gees van die prediker ook daar iewers in die woorde. Daar is dus sprake van beide Gees en gees in die prediking. Om hierdie rede het die Gereformeerde Kerk in Switserland in die 1960’s ’n redelik ongereformeerde eksperiment gedoen. Hulle het vir ’n tyd lank eredienste sonder preke gehou. Hoekom? Daar was ’n algemene gevoel dat die persoonlikhede van die predikers, wat by uitstek tydens prediking na vore kom, ’n raps te veel ruimte opgeneem het. Die gevoel was dat die fyn balans tussen godsdiens en mensdiens in ’n erediens, daardie balans tussen Gees en gees, weer herstel moes word.

Is dit dalk tyd dat ons daardie eksperiment ook in Suid-Afrika uitvoer? ’n Seisoen van preeklose eredienste? Want watter G/gees is dit dan nou in die preekstoel? Dit klink soms asof predikers meen die Gees van Pinkster het ’n bietjie hulp van die gees van die prediker nodig.

Soms hoor ek ’n radiopreek. En ek dink, maar wat gaan nou met sy stem aan? Ja, natuurlik is ons almal ’n paar dinge geleer oor die projeksie en artikulasie. Maar veel meer gebeur by sommige predikers. Verskoning vir hierdie analogie by voorbaat, maar soms klink hulle stemme wanneer hulle oor die radio preek, of ’n oggend- of aandoordenking behartig, nogal sensueel. Luister mooi, die woorde word liggies geaspireer. Daar is ’n raps meer wind in die woorde as wat daar normaalweg sou wees. Dit het my laat kopkrap, die uile van Minerva het begin vlieg, en ’n redelik voor die hand liggende teorie het gevolg. Voorlopig en in drie dele. Ek gaan haal deel 1 in Genesis 1.

Die Hebreeuse woord *ruach*, beteken asem, gees of wind. Ons kry die *ruach* in Genesis al waar dit in die mens ingeblaas word. En dikwels word die stem van God en die Gees van God geassosieer met lug wat beweeg. Dit geld ook vir die Griekse woord *pneuma* in die Nuwe Testament, wat ook asem, gees of wind beteken.

Die wind wat met die skepping in die mens ingeblaas is, is die *ruach*. En die wind wat Christus na die opstanding en as daad van herskepping oor sy dissipels blaas, is die heilige *pneuma*.

En hier is deel 1 van my teorietjie. Daardie geaspireerde Pinksterstemme op die preekstoel, is besig met klanknabootsing. Predikers probeer dus om die wind (Heilige Gees) in hulle woorde hoorbaar te maak. Soms is dit ’n sagte bries, net ’n ligte heilige suising. En soms tel daardie bries saam met die plot van die preek so ’n paar knope op om op die klimaks soos ’n magtige orkaan te dreun terwyl ek smekend uitroep dat julle moet hoor wat die Heere sê. In Bybelse Grieks is daar ’n tekentjie wat soms bo ’n klinker geplaas word wat so lyk ‛ of so ’. Dit word die *spiritus asper* genoem. So ’n hooggeplaaste enkel aanhalingsteken. Wanneer daar onder die enetjie wat agtertoe krul ’n “o” (omikron) is, is dit ’n gewone “o” soos in “op” of “om”. Maar wanneer hy vorentoe krul dan word dit “hop” of “hom”. Sommige predikers weet hoe ’n bietjie wind ’n spinnekop laat hop.

Die vakgebied wat prediking bestudeer word die Homiletiek genoem. Dit kom van die Griekse woord “homileo” wat in die oorspronklike Grieks doodgewoon beteken om ’n gesprek te voer. Dit beteken geensins om die wind te laat suis nie. Die vermaerde teoloog Jean-Jacques von Allmen skryf: “Homileo does not mean to shout oneself hoarse, nor to take on an unctous tone, nor to be hypnotized by a concern for eloquence, but to speak in the tone of ordinary conversation.” Dit is presies wat die Reformasie in gedagte gehad het. ’n Doodgewone gesprekvoering met mense vanuit ’n plek waar hulle jou darem ordentlik kan sien en hoor.

My teorie is toegegee nog ’n bietjie dun. Dus deel 2. Natuurlik kan ’n mens spekuleer oor die feit dat sommige predikers harder praat as wat nodig is, dat ander se liggaamshouding en voordrag baie dramaties word, en dat party daarop aandring dat die Gees nie deur ’n getikte preekteks kan werk nie, en alleenlik deur ’n vry preek wat sonder die bagasie van ’n klomp preeknotas gelewer word. Maar dit is alles dramatiese oppervlakkighede. Dit gaan oor ’n dieper saak, naamlik die Godsbeeld waarmee die prediker praat. Kyk vir my en luister na hoe ek preek en jy weet wie ek dink God is. Elke prediker werk onbewustelik met ’n metafoor oor wie God is wanneer hulle preek – vanaf die verterende vuur wat met ’n magtige dreuning sy wil bekend maak, deur die koning of regter wat ferm en beslis regeer, tot by die herder wat sagkens vermaan en bemoedig.

En dan deel 3. Ek preek nie net wie ek dink God is nie, ek preek natuurlik ook wie ek is. My eie geite word ook daar in die kansel uitgestal. Beide my persoonlikheid en my karakter. Soos een teoloog tereg opmerk: “Personality shapes pulpit style, sometimes for good and sometimes for ill.” Mense kan maklik sê jy moet net jouself wees, maar dit is nie so eenvoudig nie. Selfs in die mees “natuurlike” prediking is daar toneelspel (*performance*). Die toneelspel kan gewoon net erken en omhels word. Wat uitgeskakel moet word, is enige vorm van manipulasie deur middel van sulke toneelspel om ’n belewenis by my te induseer. Dit is hier wat karakter en integriteit die deurslag gee. Beide die Gees van Pinkster en die gees van die prediker is teenwoordig in ’n Pinksterpreek. Ek glo egter nie ons gaan binnekort eredienste sonder preke hou nie. Miskien kan ons net eerlik verder borduur op die kanselklede: So spreek die Here … en die prediker.

*Prof Cas Wepener doseer Praktiese Teologie aan die Universiteit Stellenbosch.*

# Profesie is dood

**Johann Theron van Kraaifontein skryf:**
Hier in Pinkstertyd lees ons weer van die Gees van die waarheid wat ook oortuig van sonde (Joh 16). Hierdie Gees van die waarheid het gepraat deur Natan se vinger wat Dawid se sonde met Batseba uitwys: "Jy is die man!" (2 Sam 11, 12); en deur Jesus wat die sonde van die witgepleisterde grafte uitwys (Matt 23). Dit is nogal ontstellend hoe profesie bykans onmoontlik gemaak word in die moderne lewe.

Dink maar net aan die Algemene Sinode 2023 se besluit dat 'n lidmaat nie meer 'n gravamen (ernstige leerstellige beswaar) kan indien by die Algemene Sinode nie. Natan sou eers sy kerkraad moes oortuig, wat weer die moderamen of diensraad moes oortuig, wat weer die samestellende sinode moes oortuig, waarna die Algemene Taakspan Regte oor die ontvanklikheid moet oordeel voordat dit moontlik voor die Algemene Sinode sou kon dien dat Dawid, die koning, sy sonde wegsteek. Die kerkraad sou sekerlik reeds vir Natan sê dat hy geen bewyse het nie. Profesie is dus dood. In die kerk blyk dit asof die Heilige Gees eers begin praat as 'n tweederde-meerderheid mense so voel.

In die NG Kerk Stockenström was daar sowat 600 wit en 600 bruin mense in die kerk rondom 1861. Van die wit lidmate het vanaf 1855 geweier om saam met die bruin lidmate Nagmaal te hou. Dit is nogal skokkend om te sien dat die Nagmaalsformulier op daardie stadium as volg gelees het: "Net soos daar uit baie koringkorrels één meel gemaal word en één brood gebak word en uit baie druiwekorrels saam één wyn en drank gepers word en dit met mekaar vermeng, so sal ons almal wat deur die waaragtige geloof in Christus ingelyf is, deur broederlike liefde, om Christus, ons liewe Saligmaker se ontwil, wat ons vroeër so uitnemend liefgehad het, almal tesame één liggaam wees en dit nie alleen met woorde nie, maar met die daad aan mekaar bewys".

Van die wit lidmate het egter besluit om hulle eie witbrood te bak en het kontant vir hulle 'n eie kerk, 'n hanetree van Stockenström, in 1863 gebou – Grey kerk. Hiermee is die liggaam van Christus by die Nagmaalstafel in twee geskeur en is ras in die NG Kerk se fondament in beton vas gegiet. 'n Ou-Testamentiese profeet sou dit sekerlik afgodediens genoem het, maar vir sowat 160 jaar al word hierdie sonde weggesteek agter dik agendas, noukeurige kerkordes en imponerende sinodale strukture en Dawid heers indrukwekkend voort terwyl Urija, nou saam met Natan, dood in die graf lê.

As 'n lidmaat van die NG Kerk in hierdie Pinksterfees by die Nagmaal aansit en daar is geen bruin lidmaat by nie – waarheen sou die Gees van die waarheid Natan se vinger laat wys?

# *Waar is die NG Kerk in hierdie krisistye?*

**Prof Hoffie Hofmeyr van Pretoria skryf:**
Die huidige kritieke weersomstandighede en die daarmee gepaardgaande noodtoestande gryp ons almal baie diep aan die hart. Sonder om in detail daarop in te gaan, is die allesoorheersende feit dat amper die helfte van ons land direk of indirek deur hierdie krisis getref is en word. Ek kan naas vroeëre vloede in Mpumalanga, Limpopo en KwaZulu-Natal, nou byvoorbeeld streke soos die Noord-Kaap, die Wes-Kaap, die Weskus, die Tuinroete, die Klein-Karoo, die Gamtoos- en Kouga-streke, die Oos-Kaap en dele van Kwazulu-Natal en die Suid-Vrystaat noem.
Die vernietiging en gepaardgaande ellende is ontsettend groot en terselfdertyd is die vooruitsigte vir mense, boere en hulle werkers, die toerismebedryf, die infrastruktuur, asook vir plant, dier en natuur vir die medium en langer termyn-toekoms beslis kommerwekkend.

Intussen hoor ons telkens dat daar hoofsaaklik vier groot rolspelers is wat daadwerklik die fisiese, emosionele, sosiale en finansiële nood van ons bevolking aanspreek naamlik die owerheid, die Heilsleër, die sakewêreld en telkens weer Gift of the Givers. Die een opvallende afwesige wat soos 'n rou sweer en 'n erg ontstellende foutlyn in hierdie verband uitstaan is die kerke. Dit sluit dus ook die NG Kerk as een van die groot Christelike kerke in Suid-Afrika in, en daarnaas ook die sogenaamde sambreelliggaam naamlik die SA Raad van Kerke (SARK).

In *Kerkbode* word wel gerapporteer oor 'n lofwaardige poging deur die Oos-Kaapse Rampnetwerk rondom finansiële bydraes, maar intussen is selfs die SARK aan wie die NG Kerk hom grootliks verbind het, ook tjoepstil.

Hoewel daar in sommige kerke gepraat word van rampfondse waartoe mense bydraes kan lewer, slaap en droom ons rustig voort in ons warm beddens en huise en voel ons gesus deurdat ons darem langs die pad 'n paar sent tot 'n fonds bygedra het. Die voorbeeld van Gift of the Givers met hulle uitgebreide hulpverlening is uiters beskamend vir die Christelike kerke.

Hoekom kan die NG Kerk naas ander aksies op gemeente- en ringsvlak nie ook met twee of drie duidelik gemerkte vragmotors wat voortdurend gevul bly met noodvoorrade, komberse, nie-bederfbare kruideniersware en selfs enkele basiese nood-medisynes op enkele sentrale plekke gestasioneer bly om hulp te betoon nie. Die Tweetoringkerk in die Vrystaat het miskien reeds iets van 'n pad oopgebreek hiermee met sy Torings van Hoop-projekte in Bloemfontein en omgewing.

As daar gesê word dat daar nie geld daarvoor beskikbaar is nie, is die gegronde indruk dat die finansiering van projekte waarmee die ASM hom tans besig hou aldus 'n *Kerkbode*-verslag van 27 Maart, deur (kerk)politieke kwessies op pad na 'n nasiekerk (soortgelyk aan die volkskerk van vroeër) gemotiveer word. Is hierdie ASM-werksaamhede volledig genoeg die werksaamhede van 'n kerk wat relevant ook teenoor die medemens behoort te wees.

Hierdie ASM-verslag sluit sake in soos die berugte skenking aan Gasa, die piekniekagtige predikantesaamkoms in Augustus 2026, die ongedurighede tussen die NG Kerk en sy "susterskerke" oor die teologiese rigting van die NG Kerk, die onsekere gesprekke met die VGKSA oor mislukte kerkvereningingspogings, en die misbruik van die Groote Kerk se geriewe vir 'n intergeloofsbyeenkoms. Kom die saak van barmhartigheidsdiens aldus Art 54 van die Kerkorde (2023) genoegsaam by die NG Kerk aan die orde? Ek meen van nie as dit oor hulpverlening in rampe en krisisse gaan waarmee ons al meer gekonfronteer word.

Die tyd vir die NG Kerk is min en des te meer as hy sy Godgegewe roeping teenoor sy medemens met betrekking tot hulpverlening versuim. Mag God ons as die NG Kerk oor hierdie groot versuim genadig wees.

# *In die middel daarvan; besig om Jesus se opdrag uit te leef*

**Ds Alex Clark van Ceres skryf:**
Deur die loop van die weer-chaos van die laaste week in die Wes-Kaap stuur 'n kollega vir my die skakel van die brief *Waar is die NG Kerk in hierdie ramp- en krisistye?* op *Kerkbode* se briewe-afdeling.

Dit laat my dadelik dink aan die Bybelverhaal in Matteus 11 waar 'n ontnugterde en dalk teleurgestelde Johannes die Doper van sy volgelinge na Jesus stuur met die vraag: Is u die Een wat moes kom of moet ons 'n ander een verwag? Jesus antwoord nie Johannes se vraag nie, maar stuur die boodskappers terug met hierdie woorde: "Gaan vertel vir Johannes wat julle hoor en sien: Blindes sien, lammes loop, melaatses word gereinig, dowes hoor, dooies word opgewek, en aan armes word die evangelie verkondig …"

Ek is tans 'n NG predikant op Ceres en het dus eerstehands hierdie enorme storm beleef. Die hele gemeenskap was vir bykans vier dae sonder krag en enige kommunikasie- of internetverbinding. Groot dele van ons streek is steeds sonder hierdie dienste. Die toegangspaaie tot die omgewing is beskadig en daar was 'n tyd wat niemand kon in of uit nie. In hierdie tyd het ek gesien hoe mense ander help om ontwortelde bome en gebreekte takke te help verwyder.

Ek het gesien hoe mense vir ander van kos voorsien deur bydraes en self hierdie kos te maak en te versprei. Ek het gesien hoe lidmate hulle deure oopmaak om mense te huisves wie se wonings oorstroom het. Ek het gesien hoe die groter kerk deur strukture vinnig reageer om fondse beskikbaar te maak sodat gemeentelike en maatskaplike organisasies vinnig doelgerigte hulp kan verleen. Dit het ek beleef, en dit het ek gesien. En dit is waarvan ek gaan vertel.

Waar is die kerk in hierdie storm? In die middel daarvan; besig om Jesus se opdrag uit te leef. Jy gaan nie noodwendig daarvan in die hoofstroommedia lees nie, maar dit verminder nie die waarde van elke stukkie liefde en genade wat deur gelowiges (en lidmate van die NG Kerk) gegee is in hierdie tyd nie.

Zander van der Westhuizen




# Ons vier te min die lewe.
## *Ons stop te min om dankie te sê*

Dit is 'n koue aand. Almal se kinders is by sport, en uiteindelik beland ons in die Spur langs die sportvelde. Dit is my vriend se 54ste verjaarsdag. Teen die tyd dat al die tieners uiteindelik opdaag, het die kelner reeds gehoor daar is iemand wat gevier moet word. Tot die jongmense om die tafel se groot vermaak daag die hele personeel met 'n fonkelkers-brandende-roomysnar op. Met oorgawe word daar gesing en hande geklap – asof my vriend eerder ses jaar oud geword het.

Na die heerlike oomblik van kinderlike pret vang my oog 'n lang tafel aan die oorkant van die restaurant. Tussenin die klomp mense sit 'n jong vrou steeds met haar toga en hoed aan. Dit was vandag die universiteit se gradeplegtigheid. Die tafel bruis van vreugde – familie van heinde en verre wat saamgekom het om fees te vier.

Dit is waarskynlik een van die grootste oomblikke van haar lewe tot dusver. En dalk nie net háár prestasie nie, maar ook dié van almal om die tafel. Mense wat saam betaal, saam opgeoffer, saam gehoop en saam deur moeilike jare gedra het. Om uiteindelik daardie graad te ontvang ná soveel werk, spanning en opoffering, is meer as net 'n sertifikaat. Dit is 'n mylpaal waarvoor 'n hele tafel mense vandag dankbaar is.

Die span kelners besef dit onmiddellik. Hierdie keer kies hulle 'n ander lied, en 'n ander fonkelkers-brandende-roomysnar word nader gedra. Die vreugde in die afgestudeerde student se oë is só groot dat sy spontaan begin dans. Skielik vorm daar, saam met die kelners, die bestuurder, kombuispersoneel en selfs 'n paar gaste, 'n vrolike trein deur die restaurant.

Of jy nou saam gedans het of net glimlaggend gekyk het – vir 'n paar minute was almal deel van dieselfde oomblik. Almal was vandag bly. Almal was trots. Sy het graad gevang.

'n Paar dae later stuur 'n vriendin vir my 'n boodskap en vra hoe ek hierdie jaar my verjaarsdag gaan vier. "Ek wonder of ek daarby gaan uitkom," antwoord ek. Dadelik stuur sy terug: "Ten minste een keer per jaar moet jy met dankbaarheid jou lewe, die genade en jou pad tot hier vier."

Die gebeurtenis in die Spur en my vriendin se boodskap leef in my gedagtes terwyl ek vir Pinkster voorberei. Die Shavuot-fees is die konteks vir dié gebeure in Handelinge 2. Dankbaar aan die Here is die eerste oes gevier. Daar is ook 'n verbintenis met Sinai en die wet. Vandag vier ons Pinkster – 50 dae na die Opstanding – uit dankbaarheid vir die geskenk van God se Gees.

In die Bybel was daar baie feeste. Gereeld is daar gestop om raak te sien wat goed is, wat bereik is, en om te reflekteer oor hoe mense tot hier gekom het. Daar was 'n diep besef dat dinge nie vanselfsprekend gebeur nie. Dit kom uit die Here se hand – sy geskenk en sy genade. Daarom het hulle gestop en gedans, kerse aangesteek, soms bakke met water gevul en saam geëet. Van die oes is aan Hom gewy – 'n teken van die besef dat God dit gee.

En die spreekwoordelike "roomysnar" is om die tafel gestuur sodat almal in die vreugde kon deel. Want genade, lewe en liefde is dinge wat saam gevier moet word – soos die ontvangs van 'n graad, 'n verjaarsdag of die voltooiing van iets groot.

Ons vier te min die lewe. Ons stop te min om dankie te sê. Ons besef te min dat alles wat ons het, alles wat oor ons pad kom, en alles wat ons bereik, gevier mag word. Want die Here is goed vir ons.

Haal die "roomysnarre" uit. Gooi die ekstra Smarties op die poeding. Steek die kersies aan. Dans en sing dankliedere. Blaas op die ballonne. Bid en erken die genade. Hou hande vas en vier die liefde.

*Tussenin is 'n rubriek oor die lewe in die middel van dinge – waar stories, mense, klanke en stilte mekaar ontmoet. Zander van der Westhuizen skryf as pa, getroude, skrywer, musikant, radio-omroeper en predikant oor die oomblikke waar sin en seën onverwags opduik tussenin alles wat ons doen en probeer wees.*

# En die wenners is …

**Vanjaar se wenners van pryse en toekennings van die Andrew Murray-Desmond Tutu-Prysfonds is:**

> **Andrew Murray-prys vir Christelike publikasies in Afrikaans**
**Tom Smith** vir *Vind God in die gewone* (2024, uitgegee deur Lux Verbi).
Die beoordelaars was dr Guillaume Smit, prof Kobus Schoeman en prof Christo Lombard.
Die prysgeld beloop R25 000 en word onder meer geborg deur Dagbreektrust.

> **Andrew Murray-Desmond-Tutu-prys vir Teologiese werk in 'n amptelike taal van Suid-Afrika, behalwe Afrikaans**
**Jacques Beukes, Hassan Musa, Fay van Eeden en Mias van Jaarsveld** is die redakteurs van die wenboek vir die 2026 Andrew Murray-Desmond Tutu-prys: *Care for Africa. Witnesses of earthkeeping and ecological justice* (2025, uitgegee deur Christelike Lektuurfonds).
Die beoordelaars was prof Demaine Solomons, dr Sandiswa Lerato Kobe en dr James Goddard.
Die prysgeld beloop R25 000.

> **Desmond Tutu-Gerrit Brand-prys vir opkomende skrywers (debuutwerk)** **Mark James** vir *Proud to be Deaf: Ministry, saintliness and the history of the Catholic Deaf community in South Africa*, 1874-1994.
Die beoordelaars was prof Juanita Meyer, prof Eugene Baron en prof Douglas Lawrie.
Die prysgeld beloop R15 000.

> **Jaap Durand-Denise Ackermann-toekenning vir eenheid, geregtigheid en versoening**
**Dr Wayne Alexander**, Wes-Kaap Streekskommissaris vir Grondeise, is die ontvanger van hierdie toekenning vir 2026, geborg deur Remgro Management Services Ltd. Dr Alexander is genomineer deur Laurie Gaum en aanbeveel deur die Uitvoerende Raad van AMDTPF. Die toekenning beloop R10 000.

> **CLF-Elise Tempelhoff-toekenning vir omgewingsbewaring en -geregtigheid**
**Dr Attie van Niekerk**, stigter van die Nova Instituut (www.nova.org.za), is die ontvanger van die toekenning vir 2026, geborg deur Christelike Lektuurfonds (CLF). Die Nova Instituut is 'n organisasie sonder winsoogmerk wat daaraan toegewy is om arm gemeenskappe in staat te stel om hulle lewensgehalte te verbeter. Nova werk met huishoudings en netwerkvennote in lae-inkomstegemeenskappe regoor Suid-Afrika met die doel om praktiese en volhoubare oplossings te vind vir daaglikse uitdagings wat mense se welsyn en omgewing beïnvloed.

Dr Van Niekerk is deur prof Ignatius Swart genomineer en deur 'n onafhanklike paneel beoordelaars aanbeveel. Die toekenning beloop R10 000.

> **Andrew Murray-SAKOV-toekenning: Kerkmusiek**
Hierdie toekenning word vanjaar (2026) die eerste keer toegeken as deel van die Suider-Afrikaanse Kerk- en Konsertorrelistevereniging (SAKOV) se verbintenis tot die bevordering van kerkmusiek. Dit word toegeken aan **prof Theo van Wyk** vir sy werk: *The Lockdown-Büchlein: Eighteen chorale-based works for the organ*. Prof Theo van Wyk het dié werk in 2024 gepubliseer.
Die beoordelaars was dr Isabelle van Rensburg, Rineke Viljoen, Anneli Roux, Johann Enslin en Wybrand van der Westhuizen.
Die Andrew Murray-SAKOV-Toekenning: Kerkmusiek, word deur SAKOV geborg en beloop R10 000.

> **Eerwaarde Andries Dreyer-toekenning: Kerkhistoriese navorsing:**
**Dr Gerdrie van der Merwe** ontvang die 2026 Eerwaarde Andries Dreyer-Toekenning: Kerkhistoriese Navorsing, vir sy bydrae as kerkhistorikus. Hierdie toekenning word vanjaar (2026) die eerste keer gemaak as deel van die Nederduitse Gereformeerde (NG) Kerk in Suid-Afrika Argief se verbondenheid tot kerkhistoriese navorsing in Suider-Afrika.

Die beoordelaars was die Sinodale Taakspan: Argief van die Nederduitse Gereformeerde (NG) Kerk in Suid-Afrika. Die Eerwaarde Andries Dreyer-Toekenning: Kerkhistoriese Navorsing, word geborg deur die NG Kerk in SA en beloop R10 000.

*Die oorhandigingsfunksie vind op 29 Mei 2026 op Wellington plaas.*

# 'Dit is die mees persoonlike boek wat ek nog geskryf het'

## – Tom Smith

**Schalk van Heerden** gesels met Tom Smith, vanjaar se wenner van die Andrew Murray-prys vir Christelike publikasies in Afrikaans, vir sy boek *Vind God in die gewone*.
Uitgewer: Lux Verbi, 2024

**SvH: Tom, jy is seker bly om die Andrew Murray-prys te wen, ek hoor daar was sterk kompetisie?**
**TS:** Dit was vir my 'n groot verrassing om genomineer te word en nog 'n groter een om die prys te ontvang. Die ander genomineerde outeurs is uitstekende skrywers, en een van hulle is al byna dertig jaar 'n vriend van my en darem 'n Betereinder …

**SvH: Ernstig, wat van die boek maak dit 'n wenner?**
**TS:** Ek is dankbaar dat die beoordelaars die boek as behulpsaam ervaar het. Hulle praat van die balans tussen deurleefde spiritualiteit en gegronde teologiese nadenke oor God se teenwoordigheid in die gewone lewe. 'n Vriend herinner my gereeld dat die taak van 'n geestelike leier nie net informasie en inspirasie is nie, maar om mense uit te nooi om met God in gesprek te tree. Ek hoop die boek help daarmee.

**SvH: Dink jy 'n toekenning soos dié sal maak dat nog mense die boek optel?**
**TS:** Ek hoop so! Dit is besonders dat die boek met Andrew Murray verbind word. Ek het dele daarvan in sy huis, Clairvaux, in Wellington geskryf. Ek voel altyd bevoorreg wanneer mense



my woorde lees.

**SvH: Wat is van die lekker terugvoer wat jy al gekry het na publikasie?**
**TS:** Dit is seker die mees persoonlike boek wat ek nog geskryf het, veral die dele oor my hartaanval en broosheid. Mense kontak my dikwels ná hulle daardie hoofstukke gelees het. Ek is ook verbaas oor hoeveel mense reageer op die stories oor ons honde.

**SvH: Jy skryf nie net boeke nie, jy help ook met predikante se voortgesette bedieningsontwikkeling. Waarmee sukkel mense in terme van alledaagse gewoontes?**
**TS:** Ek dink die spoed van ons moderne lewe is een van ons grootste uitdagings. Ons leef in 'n aandag-ekonomie waar ons selde werklik teenwoordig is. Om bewus te wees van die hier en nou bly moeilik.

**SvH: Gee asseblief vir ons 'n voorbeeld uit jou lewe van "habit stacking"?**
**TS:** Wanneer ek in die motor klim, bid ek. Ek vra die Here om my te help om te speel en lag, liefde te gee en oop te wees vir die mense wat oor my pad kom.

**SvH: Staan alledaagse praktyke teenoor genade?**
**TS:** Praktyke verdien nooit God se genade nie. Dallas Willard het gesê: "Grace is opposed to earning, not effort." Praktyke is daarom 'n manier om dankbaar te leef vanuit genade.
SvH: Hierdie is 'n "doenboek". Wie sal daarby baat vind?
Almal wat soek!

*Ds Schalk van Heerden is diensleraar by Fontainebleau Gemeenskapskerk en voorsitter van Betereinders.*

# Ekoteologie: Ons wou mense in verskillende kontekste se stemme laat hoor

Tussen gemeentebesoeke, skoolritte en 'n vol bediening deur, maak **ds Fay van Eeden** tyd vir 'n gesprek oor *Care for Africa*, die publikasie wat vanjaar met die Andrew Murray-Desmond Tutu-prys bekroon is. Van Eeden, gemeentepredikant by NG Stellastraat, eko-blogger en teoloog, was een van die redakteurs van dié bundel wat teologie, ekologie en die Afrikakonteks op 'n unieke manier saambring. **Juanita Greyvenstein** het haar gevra:



**Jacques Beukes**, **Hassan Musa**, **Fay van Eeden** en **Mias van Jaarsveld** is die redakteurs van die wenboek vir die 2026 Andrew Murray-Desmond Tutu-prys: ***Care for Africa: Witnesses of earthkeeping and ecological justice***.
Uitgewer: CLF, 2025

**JG: Hoe het dit gevoel toe julle as redakteurspan hoor dat *Care for Afrika*, 'n boek wat uit sulke "onvolmaakte" omstandighede gebore is, met die Andrew Murray-Desmond Tutu-prys bekroon is?**
**FvE:** Dit voel onwerklik. Selfs toe ons hoor die boek is genomineer, het dit vreemd gevoel. Die redakteurs en skrywers se enigste fokus was om die boek die lig te laat sien. Dit is eintlik 'n soort aspoestertjieverhaal. Die boek pas nie netjies in 'n bepaalde genre in nie en die tema is ook nie altyd gewild in kerklike gesprekke nie. Daarom is hierdie erkenning besonders.


**JG: Aanvanklik was *Care for Africa* hoofsaaklik 'n Suid-Afrikaanse projek, maar die redaksionele span het later uitgebrei om stemme uit ander dele van Afrika in te sluit, onder meer dié van Hassan Musa van Nigerië. Wat was jou ervaring van die samewerking met ekoteoloë, dominees en aardversorgers uit ander lande in Afrika?**
**FvE:** Dit was kosbaar om mense van verskillende lande en kontekste se stemme te hoor. Wat my opgeval het, was die gedeelde erns waarmee mense regoor Afrika die ekologiese krisis beleef. Al verskil ons in benadering, deel ons dieselfde roeping tot rentmeesterskap. Daar is immers net een planeet waarvan ons almal deel is en van afhanklik is.

**JG: Hoe dink jy help *Care for Africa* om die gapings tussen ekoteologie binne 'n Westerse akademiese raamwerk en die kontekstuele werklikhede van Afrika – soos droogte, mynbou en voedselonsekerheid – te oorbrug?**
**FvE:** Dit was vir my verrykend en verruimend om die verhale van medegelowiges wat in totaal ander kontekste ekoteologie beoefen, te lees. As 'n wit, vrouepredikant in Oos-Pretoria, het ek kritiese vrae begin vra oor my bevoorregte konteks en die aksies wat ons neem. Dit is egter die eerlike manier waarop beide die stemme van Westerse teoloë en dié van mense wat die praktiese gevolge van klimaatsverandering eerstehands beleef langs mekaar aangebied word, wat 'n eerlike en noodsaaklike gesprek ontlok. Elke stem en aksie is belangrik, al begin dit ook klein.

**JG: Wat is jou verdere hoop vir hierdie publikasie?**
**FvE:** Ek hoop dat hierdie boek sal lei tot bewusmaking en gesprekvoering rakende die ekologiese krisis op verskeie vlakke – onder gewone lidmate, dominees en aan universiteite. Verder hoop ek dat gesprekke sal lei tot die neem van praktiese aksie wat ons help om sagter met die aarde, ons tuiste, om te gaan.

*Beskikbaar by CLF.*

*Ds Juanita Greyvenstein is predikant by die NG Kerk Skukuza en verskaf pastorale berading aan kinders en volwassenes uit diverse agtergronde.*



# Gebaretaal het hom toegang tot die Dowe se wêreld gegee

**Mark James** se boek, *Proud to be Deaf*, is pas bekroon met die Desmond Tutu-Gerrit Brand-prys vir opkomende skrywers (debuutwerk). **Mia Lintvelt** het met hom gesels. Uitgewer: UJ Press, 2025

Mark James noem dat hy glad nie verwag het om die Desmond Tutu-Gerrit Brand-prys te wen nie, maar hoop dat die blootstelling wat hierdie prys aan sy boek gee, die storie en geskiedenis van Dowe mense meer op die voorgrond sal bring. Die bediening aan Dowes, ook in die Katolieke Kerk, is gemarginaliseer en daar is bitter min kapelane wat aan die geestelike bediening aan Dowes aandag gee. Hy hoop dat die boek lesers se oë sal oopmaak vir die verskillende werklikhede van mense se lewens en dat dit die kerk sal inspireer om Dowebediening nie net as 'n barmhartigheidsbediening te sien nie, maar as 'n volwaardige bediening aan en saam met 'n minderheidsgroep met hulle eie taal, kultuur en identiteit.

Mark is gevra om die Dowebediening by die uittredende kapelaan oor te neem en hy het onder andere Dowe mense in Johannesburg, Pretoria en Swaziland bedien. Hy het Gebaretaal begin leer en so al meer toegang tot die Dowe gemeenskap gekry. In die proses het hy die ryke leefwêreld van Dowe mense begin ontdek – 'n wêreld waarin mense hulleself met trots deur beweging, gebare, gesigsuitdrukkings en liggaamstaal uitdruk. Sy boek, wat gevloei het vanuit sy PhD, was 'n poging om self sin te maak van wat hy ervaar het.

Die boek bestaan uit vier hoofstukke. Hy begin met 'n bespreking van sy metodologie en terminologie; die tweede hoofstuk is 'n breedvoerige geskiedenis van en kritiese nadenke oor die rol van die Katolieke Kerk in bediening en onderwys aan Dowes. In die derde hoofstuk vertel Mark stories van besonderse Dowe mense en wat hulle bereik het. Hy sluit die boek af met gedagtes oor die toekoms, waar hy veral klem lê op bediening aan en saam met Dowes.

Sy fokus was die Katolieke Kerk en hy hoop dat die boek dialoog sal aanmoedig en sal lei tot verdere navorsing.

Deur die hele boek poog hy om klem te lê op die individualiteit van Dowe mense. Mark daag ons uit om nie na ander mense te kyk vanuit ons bekende perspektief nie, maar om mense wat anders is as ons te verstaan vanuit hulle diverse agtergrond, behoeftes en ryk lewenservarings. Hierdie is 'n boek wat elkeen van ons behoort te lees – veral mense in alle aspekte van die bediening en in die onderwys.

Gratis aanlyn beskikbaar.

*Ds Mia Lintvelt is gekoppel aan die NG Kerk Worcester De la Bat, met opdrag Dowes.*

# Eerlike randverhale bring genesing

LE ROUX SCHOEMAN

Vier skrywers (tussen 40 en 80) deel die kronkelpaaie wat 'n mens soms na heelwording stap in 'n bundel wat steeds die stem van wit mans wil aanhoor.

Hoe voel dit as jou kerkgebou afbrand en wat verg dit om dit as teologiese geleentheid eerder as verpletterende terugslag te sien?

Hoe beleef 'n mens as afgetrede wewenaar veroudering as 'n proses van "jouself in groter volheid word" en nie as sloping nie?

Hoe voel dit om in kosmopolitiese Sunnyside in Pretoria te woon terwyl jy kies om te dien in 'n kerkverband wat die teologie van wit monokultuur vervolmaak het en dalk nie die energie sal hê om 'n volgende ding te beliggaam nie?


En hoe verwerk 'n mens dit om in die koerante as gay ge-*out* te word en dan jou geliefde aan selfdood te verloor?

Dit is die stories wat vier wit mans met agtergronde in die NG Kerk in 'n nuwe boek vertel.

Die skrywers is tussen die ouderdom van 40 en 80 jaar oud.

Elkeen het die sosiale ongeregtigheid van apartheid op verskillende wyses en in verskillende eras gekonfronteer, verduidelik die samesteller James Goddard oor sy keuse van skrywers van *Justice, grief and Christ's pathways to wholeness*.

Die bundel kom in die nadraai van die NG Kerk se verlies aan mag en invloed in die Suid-Afrikaanse samelewing. Die teks sou gelees kon word as 'n antwoord op die vraag of daar onder sulke omstandighede juis na alternatiewe storielyne gekyk moet word om iets te leer.




### Om Jesus tot in Sunnyside te volg

Cobus van Wyngaard is 'n teoloog wat skryf oor plek en die doodgewone.

Hy woon in Sunnyside te midde van "white flight, capital flight and instability", maar anders as iemand soos dr Nico Smith wat in die 1980's in Mamelodi gaan woon het, is Van Wyngaard se *statement* bloot dat hy nie trek nie.

Hy probeer die trekkrag na hek-en-heining-gemeenskappe wat in die "afterlife" van apartheid ons lewe op soveel wyses rig, weerstaan. "Little can form us more deeply than deciding on where we will live," skryf hy. Oor die alledaagse maak dié Unisa-dosent wat in Swaziland grootgeword het 'n punt wat sentraal tot die groter bundel staan en iets van die allgedaagse terughark na die radikale: "Writing about Jesus and justice often evokes accounts of near heroic feats of world-changing disruption. Raising children and paying bills seldom remind of such heroism. However, the life ordinarily lived is exactly where we should go," skryf hy.

Van Wyngaard stel 'n bewussyn ten opsigte van wit bevoorregting ten toon: "I must acknowledge how I benefited personally from apartheid as the grandson of a boilermaker and the son of a PhD holder, I am the product of apartheid social mobility for whites in South Africa."

En op 40 neem hy afskeid van die idee dat hy as wit man als moet red en optimaliseer. Hy verwoord "grief" as die wete dat hy vele dinge nie in sy leeftyd herstel sal sien nie. "Ruined beyond repair."

Van Wyngaard bestee die meeste van sy essay aan 'n teologiese besinning oor wat dit vir hom beteken om Jesus na te volg. "For me, Jesus is primarily about how I live."

### Om Jesus tot in die suburbs te volg

Faure Louw se verhaal neem die leser eers na die ou Venda waar hy as jong man in 1972 'n pos by 'n sendingstasie in die verre noorde van ons land aanvaar het en dan tot in die voorstede van Pretoria waar hy jare later moes tot verhaal kom ná hy gedeporteer is te midde van politieke geweld.

"I had been unprepared to be forcibly removed from an environment where people experienced injustice, poverty, and racism, to an environment of economic privilege, where injustice and racism were everyday practices," vertel Louw oor die tydperk nadat hy 'n beroep na Elarduspark aanvaar het.

Hierdie boorling van Zimbabwe se essay speel grootliks af in die spanningsveld tussen die swart gemeenskap wat hy as sendeling bedien het en die NG Kerk wat enersyds sending befonds en andersyds die apartheidregering ondersteun het.

Hy is vroeg in sy lewe beïnvloed deur teoloë soos David Bosch "who emphasised that mission is not merely about church expansion or conversion, but about participating in God's transformative work in the world."

Te midde van die Soweto-opstande teen Bantoe-onderrig in 1976 word die kerkgebou waar Louw op die sendingveld gewerk het afgebrand as deel van die grootse uitkringeffek van die opstand teen apartheid. Met sy aankoms op die toneel skryf hy: "(W)e were confronted with shocked, disillusioned, and traumatised congregants, and the smouldering remains of what had been the church building. We later learned that the church had become a targeted symbol of apartheid." Die gebou, in die Venda-boustyl, was kompleet met 'n "Whites Only" afbakening, wat uiteraard ook in die brand vernietig is. Louw skryf hieroor en verduidelik vanuit sy kundigheid rondom terapie dat die brand hom gevat het van 'n narratief van "dis verby" tot by 'n narratief van "wat nou?" Van isolasie tot verhoudings.

"The fire became a powerful metaphor in our conversations. What did the fire want to destroy in our perceptions of one another? Was God present in the same way as in the burning bush in Exodus 3? What was God's message? What did the fire purify, as in Malachi 3:3?

### As jou binnelewe buite bereik voel

Rex van Vuuren deel in sy essay drie gebeure wat hom op verskillende punte in sy lewe verward en ontredderd gelaat het.

Sy beste vriend op universiteit wat op 21-jarige ouderdom langs hom doodgery is terwyl hulle die pad oorgesteek het.

Die skrywer se vader wat oorlede is.

En die skrywer se vrou wat "onverklaarbaar" tydens 'n standaard-operasie beswyk het.

Veral die dood van sy vrou herinner hom aan die woorde van die skrywer Pauline Boss: "Loss is ambigious and has no resolution" ('n aanhaling uit 'n skrywe met die title *Myth of closure*).

Van Vuuren, nou afgetree, se aanvullende kennis van sielkunde en filosofie help hom om van die terme

in die boek(titel) fyner te omlyn, by name "wholeness". Dit is 'n term wat met verskillende kennisvelde oorvleueling toon en vir sommige 'n sterk spirituele karakter dra, terwyl ander dit as 'n sielkundige doelwit beskou. Van Vuuren maak die punt dat godsdienstige tradisies dikwels nie die wysheid bevat vir die lewensvrae waarmee ons elk konfronteer word nie. "When we seek wisdom, the guidance available is not always formative. The problem is that the natural science worldview of our time is so dominant that all 'gods and devils' have been removed from our inner landscape and rationalised away. Our inner life has become inaccessible and invisible, as if in a solar eclipse. This is the challenge: how to locate the rules and make sense of the game before the Referee blows the final whistle."

**Potensiaal tot selfkennis**

Al vier essays in die boek is waagmoedig, ruimgeestig en teologies in die sin van geloof op soek na begrip. "The authors of this book have broken all the social norms by going public," skryf John de Gruchy in die nawoord. "God is not alone in knowing their stories; we have all been drawn into the intimacies and the consequences of their actions. Like fellow travelers on a camino, we have become part of a conversation that has the potential to change us along the way through coming to know ourselves, even as we are known by God."

**Toegewyd tot genesing**

Van al die bydraes in die boek is dié van Laurie Gaum miskien die een wie se basiese storielyn die bekendste sal wees onder diegene wat kerknuus volg, maar dit is nie sonder nuwe insigte nie.

Laurie se pa Frits was enersyds as NG Kerkleier en voormalige redakteur van *Kerkbode* vir die jong progressief-gesinde Laurie 'n simbool van die "ou orde". Andersyds was Frits iemand wat hy liefgehad het. Dáái paradoks: Die uitdaging om met teenstrydigheid saam te leef, is klaarblyklik steeds 'n sentrale deel van Gaum se lewe. As "spirituele aktivis" bewoord Gaum dekades later sy roeping eenvoudiger deur te sê hy is vasbeslote om genesing te bring. "I stay committed to my own healing: healing from being on the receiving end of injury, from a system of oppression and its sometimes unself-aware agents. This oppression has not been fully transformed, often continuing to exclude and inflict pain, injustice, and discrimination."

> **"Elkeen het die sosiale ongeregtigheid van apartheid op verskillende wyses en in verskillende eras gekonfronteer.**

Reeds as jong man het Gaum 'n solidariteitsgevoel met vroue beleef, wat aan die rand gestel is en onregverdig behandel is, vertel hy. Later sou sy eie homoseksualiteit hom direk aan die ontvangkant van diskriminasie plaas. In sy hoofstuk beskryf hy onder meer die wyse waarop kerkpolitiek, media-etiek en miskien die noodlot self saamgekolk het in die gebeure wat uiteindelik op die selfdood van Gaum se destydse maat Douw uitgeloop het.

Gaum se vraag is groter as enige antwoorde uit sy eie verhaal. Indien Christene fouteer het met die Bybelse regverdiging van slawerny, apartheid en om vroue as ondergeskik te sien, hoekom sal daar nie nog foute wees nie? "We are now waking up to the fact that we have been wrong about sexual orientation and gender identity and expression. What else have we been wrong about in our interpretation? What else are we continuing to get wrong alongside others?" vra hy.

*Justice, grief and Christ's pathways to wholeness* is op 'n manier die belangrikste boek waarvoor niemand gevra het nie. Van polities links mag dit ontvang word met: "Gee ander kans om gehoor te word." Van polities regs mag dit ontvang word met: "Hou tog op wroeg".

Maar die sentrale boodskap voel gerig op daardie leser wat intuïtief verstaan dat daar veral ná 'n era van oorheersing en dominansie soos die NG Kerk se *hot streak* in die vorige eeu, rykdom in die marges mag lê. En dat kerke stories van mislukking nodig het. Hierdie is so 'n boek. Die teenoorgestelde van triomfantlike tirades en iets meer eerlik as ure se glib podsendings. Dit is minder LinkedIn, meer Facebook, diep in die nag.

*Die boek is uitgegee deur Wipf & Stock en kos R330.*

# *Medestappers skenk rykdom aan staptog*



**Dr Johannes Mouton van Table View-gemeente skryf:**

Ons het onlangs die voorreg gehad om die Amatola-staproete aan te pak. Ons het dit met die gewone verwagtinge gedoen: mooi natuurskoon, 'n fisiese uitdaging, en 'n bietjie wegkom van die alledaagse. Wat ons nie verwag het nie, was hoe die stap vir ons iets veel dieper sou leer.

Van die eerste dag af was dit duidelik dat hierdie nie net nóg 'n staproete gaan wees nie. Die berge was groen en oop, die woude dig en stil, die koue wind wat soms gewaai het, het alles 'n byna heilige gevoel gegee. Daar is iets aan die natuur wat 'n mens stil maak – wat jou laat luister.

Maar daarmee saam het ons ook 'n ander onverwagse geskenk ontvang. Ons was vier wit Afrikaanse stappers. Saam met ons was daar agt swart Suid-Afrikaners. Ons het nie vooraf van mekaar geweet nie.

Ons het mekaar die eerste keer ontmoet die aand voordat ons saam begin stap het. Aanvanklik was daar die gewone beleefdheid, die effense terughoudendheid, die onsekerheid van vreemdelinge wat saam op pad is.

En tog, stadig maar seker, het iets begin verander. Gesprekke het begin vloei, So, met die bietjie Xhosa wat ons ken, die bietjie Afrikaans wat hulle ken, die Engels wat ons almal ken.

Eers oor die roete, oor seer spiere en swaar rugsakke. Maar later oor lewens, oor grootword, oor werk, oor hoop, oor die verskille tussen ons. Daar is gelag. Daar is stories gedeel. Daar was oomblikke van stilte wat nie ongemaklik was nie.

Ons het saam geloop. Saam gesweet. Saam geëet. Saam gesukkel teen opdraandes en saam asem geskep op die kruine. En iewers langs die pad het die "ons" en die "hulle" begin vervaag.

Wat vir ons 'n verrassing was, het uiteindelik 'n seëning geword. Dit het ons weer gewys hoe skaars sulke ruimtes in ons alledaagse lewens is – veral vir ons as wit Afrikaanse mense.

Hoe maklik bly ons nie in ons eie kringe, ons eie gemeenskappe, ons gemaksones nie – ten spyte daarvan dat ons in die minderheid in hierdie land is. Hoe min geleenthede het ons nie om regtig saam te wees met mense wat anders as ons is nie.

Maar ons het nie net ander mense leer ken nie. Ons het ook iets in onsself raakgesien – ons aannames, ons vrese, maar ook ons vermoë om te groei, om oop te wees, om werklik te luister.

Daar was geen groot, dramatiese oomblik nie. Dit was eerder iets wat stadig gebeur het. 'n Bewuswording dat hierdie tipe saamwees dalk nie so toevallig moet wees nie, maar doelbewus gesoek moet word.

En as gelowiges het dit ons ook laat dink oor die kerk. Oor die NG Kerk, en hoe nodig dit is dat ons juis sulke ruimtes moet skep. Ruimtes waar mense mekaar kan ontmoet, nie net as "ander" nie, maar as mede-gelowiges, mede-mense.

Ruimtes waar ons saam kan leer, saam kan luister, saam kan groei. Ons het dit waarskynlik meer nodig as wat "hulle" dit nodig het.

Die Amatola-roete was pragtig. Die berge en woude sal ons bybly. Maar dit wat die diepste spore gelaat het, was nie net die landskap nie – dit was die mense saam met wie ons dit gedeel het.

Miskien is dit die grootste les van alles: dat die pad vorentoe dalk minder oor óns moet gaan, en meer oor saam met wie ons bereid is om te loop.

## Dinkstof: Terug na die toekoms

# Mag die "Noordewind van God se Gees" steeds in die NG Kerk waai

JOHAN VAN DER MERWE

Herlewing is deel van die DNS van die NG Kerk. Die een herlewing wat sekerlik die grootste invloed op die NG Kerk uitgeoefen het, het in 1861 in die Paarl onder leiding van ds GWA van der Lingen plaasgevind.

Sowat 165 jaar later word daar bykans in al die gemeentes van die NG Kerk regoor die land steeds pinksterdienste gehou in navolging van dit wat in die Paarl gebeur het.

Die aanloop tot die gebeure was 'n "verstarde godsdienstigheid" en "'n lusteloosheid in kerklike bedrywighede" by baie lidmate. Om hierdie toestand te probeer beredder verskyn daar in 1859 'n skriftelike oproep deur 'n aantal predikante aan die lidmate van die kerk getiteld: "Opwekking tot het gebed om de uitstorting van den Heiligen Geest over Zuid-Afrika" wat daartoe lei dat die uitdrukking: "Bid om die uitstorting van die Heilige Gees" vinnig 'n refrein in die NG Kerk word.

Montagu was die eerste dorp waar 'n geestelike herlewing plaasgevind het met Beaufort-Wes, Graaff-Reinet, Tulbagh en sover as Bloemfontein wat sou volg. Dit het gelei tot beter bywoning van eredienste en bidure, maar veral 'n voorneme om meer volgens die wil van God te leef. In die Paarl het egter niks gebeur nie.

Die afwesigheid van die kragtige werking van die Heilige Gees in dié gemeente het daartoe gelei dat gebedsgroepies vanaf Hemelvaart op 9 Mei 1861 tot met Pinkstersondag, 19 Mei byeengekom het om te bid om geestelike herlewing. Die bidure was "intens en op meer as een aand vol emosie en aandoening!" Op Pinkstersondag Van der Lingen uit Lukas 24:49 gepreek. Na die diens het hy alleen in die kerkgebou agtergebly en daar volgens oorlewering 'n visioen gesien wat later deur Van der Lingen self as 'n openbaring van die Here beskryf is.

Die gemeente is so deur die gebeure aangegryp dat bywoning van eredienste soos nooit tevore toegeneem het, godsdienstige gesprekke aan die orde van die dag was, daar 'n oplewing in huisgodsdiens was en lidmate hulle godsdiens begin uitleef het.

Die gemeente het gevolglik besluit om die gebruik jaarliks te herhaal. Die nuus van die herlewing het vinnig versprei en gou het dit gebruik geword in al die gemeentes van die NG Kerk. In die woorde van prof PB van der Watt: "Met die Pinksterbidure is iets nuuts die kerklike lewe ingedra, maar tog nie iets vreemds nie!"

Die betekenis van pinksterdienste is in 1986 opnuut deur die Algemene Sinode bevestig toe die versugting uitgespreek is dat die "noordewind" van God se Gees weer deur gemeentes moes waai."Maak groot erns met Pinkster sodat daar teruggekeer kan word tot die Here in die ernstige en moeilike tye waarin ons lewe," lui die notule. Miskien is dit nou meer as ooit tevore nodig.

*Prof Johan van der Merwe doseer Kerkgeskiedenis en Kerkreg aan die Universiteit van Pretoria en is 'n voormalige aktuarius van die NG Kerk.*

## Dinkstof: Verstaan die Nuwe Testament

# Jesus tussen die gode

MARIUS NEL

Die Australiese Nuwe-Testamentikus Michael Bird vra in sy onlangse studie *Jesus among the Gods* wat dit beteken om saam met die vroeë kerk te bely dat Jesus "God" is.

Ons kan naamlik in ons beantwoording van die vraag veronderstel dat ons presies weet wat hulle met die begrip "God" bedoel het, en dat ons net onseker is of Jesus in dié kategorie tuishoort.

Bird wys egter daarop dat daar in die antieke wêreld verskillende kategorieë vir goddelikheid en gode was. In dié verband onderskei hy twee hoofkategorieë in die Grieks-Romeinse en Joodse wêrelde van die eerste eeu.

Aan die een kant was daar die kategorie vir absolute goddelikheid – die ewige, ongeskape en ongebore Een wat uit homself God is.

Aan die ander kant was daar 'n kategorie vir wat hy toegeskrewe goddelikheid noem – figure wat as gode vereer is omdat hulle besondere weldoeners van die mense was. Romeinse keisers soos Augustus, wat ná hulle dood as gode verklaar is, val in hierdie tweede kategorie.

Ook in die Joodse wêreld was daar 'n verskeidenheid tussenfigure aan wie 'n soort verhewe en selfs goddelike status toegeskryf is: aartsengele, verheerlikte aartsvaders soos Henog en Moses, en personifikasies soos die Wysheid en die Logos. Geen van hierdie tussenfigure is egter as die ware Skepper en daarom waardig van aanbidding van die eerste kategorie gesien nie.

Bird vra vervolgens watter van hierdie twee kategorieë die vroeë Christene in gedagte gehad het wanneer hulle Jesus as God bely het.

Hierop antwoord hy dat hoewel Jesus wel moontlik lyk soos 'n Joodse Herkules (wat 'n goddelike vader en 'n sterflike ma gehad het), 'n vergoddelikte Augustus (wat na sy dood vergoddelik is) of 'n aartsengel (wat God se wil uitvoer), Hy veel eerder lyk soos Jahwe self.

Wanneer die Nuwe Testament Jesus as preëksistent, as Skepper en as die Een wat aanbid moet word, beskryf, plaas dit Hom in die eerste kategorie.

Hy is nie God danksy ander se erkenning nie, maar eerder uit Homself God.

Volgens Bird is Jesus, soos aangedui in die titel van sy boek, dus wel "tussen die gode" herkenbaar volgens die taalkategorieë van sy tyd. Terselfdertyd is Hy uniek, omdat Hy in die kategorie van die God van Israel geplaas word en tog mens geword het. Dit is die belydenis wat in Filippense 2:5-11 weerklink:

Hy wat in die gestalte van God was, het 'n slaaf geword en die Naam ontvang waarvoor elke knie sal buig.

*Prof Marius Nel doseer Nuwe Testament aan die Universiteit Stellenbosch en is assessor van die Wes-Kaapse Sinode.*

## Kollig Episode 60

**'Ons moes uiting gee oor wat dit beteken om in Jesus Christus te glo, Hom na te volg en wat dit beteken om gereformeerd te wees.'**

**Die Belydenis van Belhar se uitkringeffek is veel wyer as die woongebied op die Kaapse Vlakte waarna die dokument vernoem is. Veertig jaar later praat die sentrale tema van versoening in Christus steeds met die harte van kerkleiers regoor die wêreld.**

**In hierdie episode van Kollig herbesoek Heléne Meissenheimer die ontstaansgeskiedenis en die teologie van die Belydenis van Belhar. Sy praat met prof Allan Boesak, wat moderator was van die sinode wat dit in 1986 as volwaardige belydenisskrif van die destydse NG Sendingkerk (vandag Verenigende Gereformeerde Kerk) aanvaar het.**




**Heléne Meissenheimer**




## Bybelstories in ’n kind se hand is die begin van ’n leeftyd saam met Jesus.

Bybel-Media het ’n span kenners wat kinderboeke met Bybelverhale maak in Afrikaans, Engels, isiZoeloe en Sesotho. Verlede jaar het ons met jou ondersteuning *My eerste Storie-bybel vol diere* en *My eerste ABC-Bybel vol letters* uitgegee.

Nou het ons ’n **nuwe projek**: **’n Mini-Bybel vol Jesus-stories**.
Hierdie klein sakboekies pas op ’n kind se bedkassie of in ’n skooltas.

**Borg 'n nuwe begin. Skenk vandag**. Wanneer jy ’n BybelBouBlok van R200 skenk, deel ons nog meer Mini-Bybels uit wat kinders se lewe verander. R1 000 maak dit vir ons moontlik om nog meer volledige Kinderbybels te druk en versprei.

Besoek **www.bybelmedia.co.za** om jou bydrae te maak.

Rekeningnaam: **Bybel-Media** | Absa-rekeningnommer: **40-5118-1699**
Tak: **Absa Bank** Wynland | Takkode: **632005** | Verwysing: **KB, e-pos en naam**

BYBEL-MEDIA:
JOU INSPIRASIEVENNOOT
OP DIE JESUS-WEG

BYBEL BOU BLOKKE

## NG GEMEENTE UPINGTON NOORD

### VAKATURE VIR LERAAR
Voltydse pos

**Sluitingsdatum vir aansoeke: 10 Julie 2026.**

**Diensaanvaarding:** So spoedig moontlik.
Die datum vir diensaanvaarding sal met die geskikte kandidaat onderhandel word.

**Gemeenteprofiel**
NG Kerk Upington-Noord is 'n warm, gasvrye en hegte geloofsgemeenskap met 'n diepgewortelde liefde vir mekaar waar mense vinnig tuis voel. Ons waardeer egte verhoudings, gesinsbetrokkenheid en praktiese liefde in aksie.
Ons gemeente is in 1957 gestig en is 'n gevestigde selfonderhoudende plattelandse gemeente, bestaande uit 19 dorpswyke en een plaaswyk met 320 belydende lidmate en 65 dooplidmate. Ons lidmate bestaan uit alle ouderdomsgroepe.
Daar is vier ander NG gemeentes op die dorp, ons is deel van die Ring van Upington wat uit 11 gemeentes bestaan en val onder die Noord-Kaap Sinode.
Die dorp het 'n groot winkelsentrum, verskeie winkels, goeie skole (insluitend voorskoolse sentrums) waar kinders hoë kwaliteit onderrig ontvang. Asook mediese dokters, privaat en provinsiale hospitale en verskeie spesialiste wat die dorp besoek.

**Vereistes**
- Gelegitimeerde leraar in die Nederduitse Gereformeerde Kerk.
- 'n Hart vir die aktiewe bediening op die platteland met die doel om 'n verskil te maak in ons wyer gemeenskap, gemaklik is met huisbesoeke en persoonlike kontak met lidmate in verskillende lewenstadiums.
- Ons soek geloofwaardigheid, 'n eerlike en opregte mens wat ook, soos ons, broos en weerloos kan wees.
- Ervaring in gemeente bediening en pastorale werk is 'n aanbeveling.
- Eie vervoer en geldige rybewys.
- Die persoon moet bereid wees om aan te pas by die etos/kultuur van ons gemeente.
- Goeie interpersoonlike vaardighede toon, gemaklik in spanverband kan funksioneer, en moet betrokke wees by fondsinsamelings van die gemeente.

**Pligte en verantwoordelikhede**
In aansluiting by die ampspligte soos omskryf in Artikel 9 van die Kerkorde word die volgende ook van die leraar verwag:
- Suiwer verkondiging van die Woord.
- Bedien van sakramente ooreenkomstig die Kerkorde van die NG kerk.
- Huisbesoek, berading, bemoediging en geestelike leiding van lidmate.
- Ondersteuning te bied aan die kerkraad vir geestelike versorging van lidmate.
- Ouers toerus vir die geestelike vorming van hulle kinders.
- Deelname aan kerkraadsvergaderings, ring en sinodale strukture.
- 'n Hart vir die bejaardes van die gemeente hê.
- 'n Passie vir die jeug, gemeentebediening en groei van die gemeente.

**Vergoeding**
'n Mededingende, markverwante vergoedingstruktuur volgens sinodale riglyne onderhandelbaar nie hoër as skaal vyf. Gratis huisvesting in ruim pastorie, munisipale dienste en tuinier ingesluit. Internettoegang.

**Aansoekproses**
Aansoeke (verkieslik elektronies) moet die volgende insluit en kan aan die skriba gerig word:
- Volledige CV, nie meer as vier bladsye nie, wat 'n motivering vir die aansoek insluit.
- Name en kontakbesonderhede van drie referente wat gekontak mag word.
- Naas jou CV wil ons graag 'n kort (drie-vyf minute) video skets van jouself/gesin, jou bedieningsdroom, jou gawes en vaardighede wat jy na die gemeente bring.
- Jou gedagtes, in 'n paar sinne, oor die heersende gesprekke in die kerk oor (bv selfdegeslagverhoudings, dolering en predikantsopleiding) en wat jou benadering daaromtrent is.
- Indien beskikbaar, sluit asseblief 'n skakel na 'n onlangse preek in.

Kandidate op die kortlys moet vir onderhoude beskikbaar wees op 'n datum, tyd en plek soos deur die pre-advieskommisie bepaal sal word. Die proses mag ook 'n preekbeurt insluit.
Rig CV aan skriba: Sonnette Lind 062 099 1719 nguptnoord@lantic.net

**Diensaanvaarding:** So spoedig moontlik. Sal met kandidaat bespreek word.

Deur die indiening van die CV gee die kandidaat toestemming dat die inligting soos in die CV vervat, onderworpe is aan die terme en voorwaardes van die POPI-wetgewing. Alle inligting sal as vertroulik hanteer word en slegs deur NG Upington-Noord kerkraad gebruik word in die aanstellingsproses.
Die pre-advieskommisie van NG Upington-Noord behou die reg voor om self inligting aangaande die aansoeker in te win.

**Navrae**
Tertius Louw (hoof finansies) 083 285 1492 terrylouw5@gmail.com
Christo van Zyl (ouderling) 082 783 1491 christovanzyl1972@gmail.com
Konsolent: Ds Anton Scholtz 083 379 8202.

*Die kerkraad behou die reg voor om nie noodwendig 'n beroep uit te bring uit die aansoeke wat ontvang is nie.*

## NG KERK GAMKA-OOS

### VAKATURE: VOLTYDSE LERAAR

**Gemeenteprofiel:**
Gamka-Oos is een van die drie NG gemeentes in Beaufort-Wes in die Sentrale Karoo. Die gemeente bestaan uit 450 lidmate en 85 dooplidmate. 23 dorpswyke en drie plaaswyke wat in 'n radius van 100 km rondom die dorp versprei is. Die drie NG gemeentes het 'n samewerkingsooreenkoms met mekaar. Gamka-Oos het ook 'n bedieningsooreenkoms met die VGK Gemeente Kwa-Mandlenkosi.

**Leraarsprofiel:**
Enige gelegitimeerde persoon binne die NG Kerk en susterskerke, asook finale jaar studente wat aan die einde van 2026 gelegitimeer gaan word is welkom om aansoek te doen.

**Werksprofiel:**
Artikel 9 van die Kerkorde is die basis vir die bediening. Gemeenskapsbetrokkenheid word gesien as deel van die bediening in hierdie gemeente.

**Vergoeding:**
Sinodale skaal, ruim vervoertoelaag en 'n behuisingsubsidie is die basis.

**Sluitingsdatum: 05 Junie 2026.**
**Diensaanvaarding:** 1 Januarie 2027.

**Aansoeke:** NG Kerk Gamka-Oos, Beaufort-Wes: e-pos: gamkaoos@gmail.com

**Navrae:** Evelyn Rust (skriba), sel: 072 377 4673, gamkaoos@gmail.com
Karin Arnoldi (voorsitter kerkraad), sel: 072 252 1534.

## NG BARKLY-WES

Die kerkraad van NG Kerk Barkly-Wes wag in afhanklikheid aansoeke in vir die onderstaande pos.

### VAKATURE: VOLTYDSE LERAAR

**Sluitingsdatum: 31 Julie 2026.**

**Gemeenteprofiel:** Die NG Kerk Barkly-Wes is deel van Griekwastad ring en is geleë ongeveer 35 km buite Kimberley. Die gemeente bestaan uit twee bedieningspunte nl Barkly-Wes en Smithsmyn (elke tweede Sondag). Gemeentelidmaat getal is ongeveer 235.
Caritas Jannie Roux kinderhuis is vir baie jare deel van Barkly-Wes gemeente en sy kinders skakel by ons in waar hulle dan deel uitmaak van ons bediening.

**Leraarsprofiel:** Die gemeente wag in biddende afhanklikheid aansoeke in vir 'n leraar wat aan die volgende profiel sal voldoen:
Pligte:
- Soos omskrywe in Artikel 9 van die Kerkorde.
- Wat 'n gelegitimeerde predikant van die NG Kerk is.
- Wat die Skrif as die onfeilbare Woord van God aanvaar.
- Wat die bediening op die platteland en boeregemeenskap as 'n roeping sal aanvaar.
- Wat die eredienste op 'n dinamiese, kreatiewe en vernuwende wyse inrig.

**Vergoeding en voordele:**
- Onderhandelbaar, met sinodale skaal as riglyn.
- Met byvoordele soos per sinode vereistes.

**Aansoek:** Stuur aansoeke na die skriba per e-pos: ngkerkbw@outlook.com.
Aansoek moet vergesel word van:
1. Opgedateerde CV (maksimum drie bladsye).
2. Kontakbesonderhede van ten minste drie onlangse referente.
3. 'n Kort motivieringsbrief (300 woorde) wat die aansoek met betrekking tot die gemeentebediening ondersteun.

Kandidate wat oorweeg word, sal genooi word vir 'n preekbeurt en onderhoud.

**Diensaanvaarding:** 1 Nov 2026 of so spoedig moontlik.

**Navrae:**
James Smit, voorsitter kerkraad (073 911 8167), Nelie Vorster, skriba (073 237 4655).

Die gemeentebedienings kommissie behou die reg voor om op eie inisiatief ook inligting aangaande die aansoeker in te win vir oorweging.

*Die kerkraad behou die reg voor om nie 'n aanstelling uit die aansoeke te maak nie.*

**Die vakature-advertensies verteenwoordig die standpunte van die adverteerder en nie noodwendig dié van *Kerkbode* nie.**

## NG KERK WILLOWMORE (DOLEREND)

**VAKATURE: LERAAR (VOLTYDSE VASTETERMYNPOS VIR TWEE JAAR)**

In biddende afhanklikheid van die Here stel die kerkraad van Willowmore bogenoemde vakature bekend en nooi met verwagting belangstellende gelegitimeerde proponente, leraars en emeriti van die NG Kerk uit om vir die pos aansoek te doen.

**GEMEENTEPROFIEL**
Die gemeente Willowmore bedien 'n plattelandse landbougemeenskap van sowat 180 lidmate in die westelike hoek van die Oos-Kaap. Die Baviaanskloof is een wyk van die gemeente waar maandeliks 'n diens gehou word. Dan is daar ook weekliks 'n byeenkoms by die Gert Greeff Tehuis vir bejaardes. Aangesien die meeste kinders elders op kosskool is, is kategese en kinderbediening 'n uitdaging.
In navolging van Artikel 1 van die Kerkorde bly die gemeente getrou aan die Woord en belydenis van die kerk.

**LERAARSPROFIEL**
- 'n Gelegitimeerde leraar met volle ampsbevoegdheid.
- 'n Hart vir die platteland en aanpasbaar in 'n plattelandse gemeenskap met sy unieke uitdagings.
- 'n Passie vir verhoudingsbou en bereidheid om na aan mense te leef.
- Bereid om te reis op grondpaaie.

Ons wil graag hê dat die leraar wat beroep word na Willowmore
- 'n lewende persoonlike verhouding met God Drie-enig uitleef wat gestalte vind in suiwer Woordverkondiging, huisbesoek en deeglike pastorale sorg;
- die bedieningspligte soos uiteengesit in Artikel 9 van die Kerkorde aanvaar en sal nakom;
- volkome gehoorsaam aan die Skrif en die belydenisskrifte van ons kerk sal wees;
- oor goeie interpersoonlike vaardighede beskik en gemaklik in spanverband kan funksioneer;
- 'n passie vir die suiwer evangelie en vir die wyer uitdra van daardie boodskap het;
- inisiatief sal neem om nuwe projekte vir die opbou en uitbou van die gemeente aan te pak;
- die kerkraad en gemeentelede doelgerig sal toerus vir hulle dienswerk en
- betrokke sal wees by die interkerklike gemeenskap van Willowmore.

**PLIGTE**
- Artikel 9 van die Kerkorde dien as raamwerk vir alle verantwoordelikhede.
- Lei van eredienste met aktuele prediking wat teologies suiwer en begryplik vir almal is.
- Verhoudingsbou, pastorale ondersteuning en huisbesoek.

**VERGOEDING EN VOORDELE**
- Onderhandelbaar, na aanleiding van aansoeker se diensjare, met kerf 11 van sinodale skaal as maksimum.
- Ongemeubileerde pastorie met munisipale dienste.
- Selfoonsubsidie sowel as internetgebruik.
- Gemeentebakkie en brandstof word voorsien vir besoekwerk in die gemeente.

**AANSOEK**
Aansoeke, van nie langer as drie bladsye nie, wat CV, motivering vir aansoek, kontakbesonderhede van drie referente en 'n foto insluit, kan gestuur word na
ngkerkwillowmore@gmail.com
Aansoekers kan genooi word vir 'n preekbeurt en/of onderhoud.

**Sluitingsdatum: 30 Junie 2026.**
**Diensaanvaarding:** So gou as moontlik na 30 Junie 2026.

**Navrae:** Oudl Jacques Louw (083 251 5200) of Oudl Felix Slier (082 852 3723).

*Die kerkraad behou die reg voor om nie 'n aanstelling uit die aansoeke te maak nie.*

## NG KERK LUX DEO

Die kerkraad van NG Kerk Lux Deo wag in afhanklikheid aansoeke in vir die onderstaande pos.

**VAKATURE: VOLTYDSE VASTETERMYN LERAARSPOS**

**Sluitingsdatum: 26 Junie 2026.**
**Dienstermyn:** Drie jaar met die die opsie om te verleng.

**Gemeenteprofiel:**
Lux Deo NG Kerk is geleë in Arconpark en Sonlandpark woonbuurte, Vereeniging, en is deel van die Vaaldriehoek en Goudland Sinode. Die gemeente is in 'n stabiele woonbuurt geleë met 'n lidmaattal van 785 lede, waarvan 669 volwasse en 116 dooplidmate is, met 'n gemiddelde ouderdom van 45 jaar. Arconpark woonbuurt bestaan meestal uit professionele lidmate, terwyl Sonlandpark woonbuurt meestal uit bejaarde lidmate bestaan. Die gemeente word deur 'n gemeentebestuursraad bestuur sonder enige wyksbediening. Die gemeente se boustene is gegrond op die suiwer verkondiging van die Woord, pastorale versorging en diens aan mekaar en die gemeenskap.

**Leraarsprofiel:**
Kandidate sal op die volgende vereistes gemeet word:
- 'n Erkende teologiese kwalifikasie en gelegitimeer.
- Alle ouderdomsgroepe is welkom om aansoek te doen, hoewel met die onderhoude sal die gemiddelde ouderdomsprofiel van die gemeente in gedagte gehou word.
- Ervaring van bediening aan al die verskillende generasie (met spesifieke fokus op jeug- en gesinsbediening).
- Sterk interpersoonlike en spanverbandvaardighede.
- 'n Goeie prediker en fasiliteerder.
- Sterk administratiewe vaardighede.
- Tegnologies vaardig (aanbiedings, opnames, digitale bediening).

**Pligte:**
- Van die kandidaat word verwag om al die normale leraarspligte volgens Artikel 9 van die Kerkorde en soos omskryf in die dienskontrak van die gemeente, te doen.

**Vergoeding en voordele:**
- 'n Pakket van R400 000,00 pj (TKVI - totale koste van indiensneming) word aangebied.

**Aansoek:**
Leraars wat in die pos belangstel, word versoek om die volgende aan die kerkraad voor te lê:
- Volledige CV met drie onlangse referente.
- 'n Twee-minuut bekendstellingsvideo via Whats App waarin u uself en u gesin bekendstel en deel waarom u aansoek doen.
- Kandidate moet beskikbaar wees vir 'n onderhoud en preekbeurt.
- Moet bereid wees om 'n persoonlikheidsanalise te ondergaan.

**Diensaanvaarding:** 1 Oktober 2026.

Navrae:
Stuur navrae, CV en video na: Marlene Trollip by ontvangs@luxdeongk.co.za en 084 623 0401/016 428 3508.

*Die kerkraad behou die reg voor om nie 'n aanstelling uit die aansoeke te maak nie.*



## NG KERK UNITASPARK

### VAKATURE: DEELTYDSE LERAAR

Vastetermynpos vir drie jaar

In biddende afhanklikheid stel die kerkraad bogenoemde vakature bekend en nooi gekwalifiseerde persone, wat daartoe geroepe voel, uit om aansoek te doen.

**GEMEENTEPROFIEL**
NG Kerk Unitaspark is 'n warm, gasvrye, hegte, en Skrifgetroue geloofsgemeenskap waar die eer van God en die Woord sentraal staan in verkondiging en bediening. Die kerk is geleë in die noordwestelike gedeelte van Vereeniging. Op 11 Junie 2023 het NG Kerk Unitaspark hulle 50-jarige bestaan gevier. Op 17 Junie 1973 het NG Unitaspark amptelik afgestig vanaf Herman Steyn-gemeente. Die ingebruikneming van die kerkgebou was in 1976.

Die gemeente is lid van die Ring van Vereeniging. Van die grootste gebeure was waarskynlik die ontwikkeling van 'n aftree-oord langs die kerk (Unitaspark-oord), en die feit dat die twee gemeentes, Herman Steyn en Unitaspark, op 1 Maart 2018 weer een geword het. Die jaarlikse basaar wat einde van Oktober plaasvind, is ook altyd 'n belangrike gebeurtenis.

Die gemeente bestaan uit 256 belydende en 38 dooplidmate. Die meerderheid lidmate is tans oorwegend ouer as 55 jaar.

**LERAARSPROFIEL EN VERANTWOORDELIKHEDE**
Gelegitimeerde leraar in die NG Kerk. Bedieningspligte soos uiteengesit in Artikel 9 van die Kerkorde met die klem en fokus op:
- Suiwere, duidelike en toepaslike verkondiging van die Woord in eredienste, kategese en ander geloofsvormingsruimtes sodat medegelowiges opgebou kan word in hulle persoonlike verhouding met die Here.
- Bediening van sakramente volgens die kerkorde van die NG Kerk.
- Huis-, hospitaal- en siekesbesoeke volgens behoefte, berading, bemoediging en geestelike begeleiding van lidmate.
- Kerkraad, dienswerkers, kategete en ander leiers toerus vir hulle taak om die gemeente, as liggaam van Christus, geestelike op te bou.
- Bybelstudie, dissipelskap, omgeegroepe en ander vorme van geloofstoerusting op 'n relevante wyse te kan aanbied en leiding te neem.
- Deelname aan kerkraadsvergaderings, rings- en sinodale strukture en tersaaklike administratiewe verantwoordelikhede.
- Betrokke te wees by die operasionele dag-tot-dag bestuur van kerkaangeleenthede.
- Moet gemaklik oud en jonk kan bedien en oor goeie menseverhoudings beskik.
- Gemaklik wees met die gebruik van digitale en moderne media in die bediening.
- Moet oor sterk kommunikasie- en leierskapvaardighede beskik om die gemeente in geloof, hoop, liefde en entoesiasme te begelei.
- Samewerking in spanverband met spesifieke verwysing na die kerkraad en die verskillende bedieninge in die gemeente.
- Verskille en konflik kan hanteer met openheid en integriteit.
- Inisiatiewe wat tot gemeentegroei sal lei inisieer.

**VERGOEDING**
Die vergoeding sal bepaal word deur die gemeente se finansiële vermoë op 'n TKVI basis van R400 000 per jaar, wat saam met die diensvoorwaardes en pligte onderhandel sal word en jaarliks hersien sal word.
Ons gemeente beskik oor 'n ruim en gerieflike pastorie binne die kerkgronde met vier slaapkamers, twee badkamers en 'n dubbelmotorhuis

**AANSOEKE**
Aansoeke, wat 'n CV en minstens drie verwysings insluit, moet gestuur word na: ngunitaspark@telkomsa.net en moet ons bereik voor **30 Junie 2026,** wanneer aansoeke sluit. 'n Kort motiveringsbrief waarom u meen dat u die suksesvolle kandidaat behoort te wees.
- Kandidate moet beskikbaar wees vir 'n persoonlike onderhoud en 'n moontlike preekbeurt.
- **Diensaanvaarding: 1 Oktober 2026.**
- Almal wat aansoek doen, sal in kennis gestel word van die uitslag.
- Enige navrae kan gerig word aan die voorsitter van die beroepingskommissie, Daan Stander, per e-pos: daan.vaaldvdprod@yahoo.com of sel: 083 304 7502.

NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK Noord-Kaapland

### VAKATURE: PREDIKANT IN SINODALE DIENS (PSD)

**Standplaas: Kimberley**

Die Sinode van Noord-Kaapland stel hiermee 'n vakature bekend vir die voltydse pos van Predikant in Sinodale Diens (PSD) ten einde leiding te gee aan die uitvoering van die sinode se roeping deur teologiese rigting, verhoudingsbou en die koördinering van die sinode se bedieningswerk.

**Roepingsverklaring:**
Die Sinode van Noord-Kaapland leef vanuit die roepingsverklaring:
"Saam luister ons na die Woord van die Here en loop só saam op die pad dat ons ons roeping ontdek en mekaar moed en hoop gee om dit uit te leef – deur verhoudings, stories en diensbaarheid."
Ons sien 'n kerk in Noord-Kaapland wat saam op pad is – 'n luisterende, vreugdevolle geloofsfamilie wat die lig van Christus sigbaar leef in elke gemeenskap.

**Hierdie pos word geplaas binne 'n nuwe strategiese beweging:**
- Van alleen na saam en netwerk.
- Van administratief na verhoudings en stories.
- Van strukture na 'n lewende, missionale kerk.

Die PSD speel 'n sleutelrol as teologiese gids, netwerkbouer en fasiliteerder, wat help om hierdie visie prakties gestalte te gee in samewerking met gemeentes, ringe en sinodale kommissies.

**Primêre verantwoordelikhede:**
- Verwoord en dra die sinode se roeping en visie uit.
- Tree op as verteenwoordiger van die Sinode van die Noord-Kaapland in skakeling met sinodale strukture, gemeentes, ringe en ekumeniese liggame.
- Koördineer sinodale werksaamhede (kommissies en taakspanne), dien as adviserende lid en verseker sinergie tussen verskeie kommissies en taakspanne:
  - SKNK: Sinodale Kommissie in Noord-Kaapland.
  - SKDG: Sinodale Kommissie vir Diens en Getuienis.
  - SKHD: Sinodale Kommissie vir Hulpdienste.
  - SKBO: Sinodale Kommissie vir Bedieningsondersteuning.
  - SKOK: Sinodale Kerkordekommissie.
- Ondersteun leraars en gemeentes (advies, konflikhantering, begeleiding).
- Neem leiding in strategiese prosesse en projekte.
- Tree op as fidusiêre beampte (ondertekening van alle ooreenkomste) en kantoorhoof.

Minimum Vereistes:
- Gelegitimeerde predikant van die NG Kerk.
- Bewese ondervinding (15+ jaar) in sinodale strukture / gemeentes / kerklike omgewing.
- Strategiese en visionêre denke.
- Bekwaamheid om verhoudings en netwerke te bou en spanne te vorm.
- Bewese fasiliteringservaring en vaardighede.
- Deelnemende bestuurstyl / spanspeler.
- Vermoë om konflik te bestuur.
- Hoë vlakke van emosionele intelligensie (emosionele volwassenheid).
- Selfstandig, selfhandhawend en selfversekerd.
- Aanpasbaar / veerkragtig.
- Dinamies en selfgedrewe; kan inisiatief neem.

**Sluitingsdatum: 31 Mei 2026.**

Aansoeke kan gestuur word aan admin@noordkaapland.co.za
Vir enige navrae: Ds Thabo Pienaar (083 349 6588) of dr Lukas Basson (082 822 8215).

*VAKANSIE-AKKOMMODASIE*

**UVONGO**
Selfsorgwoonstel. Pragtige see-uitsig. Loopafstand vanaf see. Vanaf R520 p/d per eenheid, buiteseisoen. 084 547 8522 of 039 315 5779.
**Webblad: www.grietseplek.com**

**JEFFREYSBAAI**
**SANDKASTEEL**
2 Slaapkamer (slaap 6) wooneenhede volledig toegerus. Sentraal by die see. Tel: 042 293 1585.

**OUDTSHOORN**
**THE GATSBY STUDIO**
Selfsorg vir twee. Sentraal geleë, volle DStv en veilige parkering.
**WhatsApp: 062 012 2694**
**E-pos: thegatsbystudio@gmail.com**


## KONTAK ONS

Teken in op *Kerkbode:* Viona Ross
Tel 021 864 8278, E-pos: vionatydskrifte.co.za.
Besoek www.kerkbode.co.za

**Redaksie:**
Stuur vir ons nuuswenke en artikelvoorstelle na kerkbode@tydskrifte.co.za

**Redakteur:**
Le Roux Schoeman
E-pos: leroux@kerkbode.co.za

**Uitvoerende joernalis:**
Heléne Meissenheimer
E-pos: helene@bmedia.co.za

**Proefleser:**
Lambert Jacobs

**Projekkoördineerder**
Maryke Hansen
E-pos: maryke@bmedia.co.za

**Advertensies en vakatures:**
Hanlie Raath
Sel 072 357 8914
E-pos: vakatures@tydskrifte.co.za

**Medewerker**
Mercial Adonis
madonis@bmedia.co.za

**Kleinadvertensies en amptelike nuus:**
E-pos: kerkbode@tydskrifte.co.za


www.kerkbode.co.za Die tuiste van betroubare en gebalanseerde kerkjoernalistiek.

## NG GEMEENTE BOSHOF

Met biddende afhanklikheid nooi die kerkraad van NG Gemeente Boshof alle gelegitimeerde proponente, predikante en emeritusleraars uit om aansoek te doen vir die onderstaande pos.

### VAKATURE: VOLTYDSE LERAAR VIR ’N VASTE TERMYN (DRIE JAAR)

**Sluitingsdatum: 30 Junie 2026.**

**Dienstermyn: Vaste termyn (drie jaar).**

**Gemeenteprofiel:**
Boshof-gemeente is ’n hegte plattelandse gemeente wat in 1856 gestig is. Die dorp is geleë in die Wes-Vrystaat; 55 km van Kimberley en 120 km van Bloemfontein. Boshof is ’n diverse, maar sterk landbougerigte gemeenskap.

Volgens die databasis van die gemeente is daar tans 533 lidmate – waarvan 38,5% bo die ouderdom van 60 is, 17,7% tussen die ouderdom van 46-59, 24,2% tussen die ouderdom van 19-45 en 19,5% tussen die ouderdom van 0-18 versprei oor sewe plaaswyke en sewe dorpsgroepe met een leraarspos. Huis Goedversorg, sentrum vir bejaardes, se inwoners skakel ook as lidmate in by die gemeente. Alhoewel die gemeente hoofsaaklik uit ouer persone bestaan, raak jonger gesinne toenemend deel van die gemeente.

**Leraarsprofiel:**
Die kerkraad is op soek na iemand, lojaal teenoor die NG Kerk en kerkverband, wat met energie en entoesiasme die gemeente kan opbou deur persoonlike kontak met lidmate en die breër gemeenskap.
Die persoon moet aanpasbaar wees op die platteland en moet kan inskakel by alle ouderdomsgroepe.
Hy/sy moet kan saamwerk in groepsverband, maar ook outonoom kan funksioneer.
Evangelisasie en pastorale versorging moet voorrang geniet. Innoverende maar Woordgetroue prediking is vir die gemeente baie belangrik.
Ervaring of opleiding in berading sal voordelig wees.

**Pligte:** Soos omskrywe in Artikel 9 van die Kerkorde.

**Vergoeding:**
Begin skaal volgens sinodale riglyne. ’n Ruim pastorie word voorsien, tuin en onderhoud ingesluit.

**Aansoek/navrae:**
Volledige CV, minstens vier verwysings en kontaknommers.
Voltooide vraelys (beskikbaar by die kerkkantoor). Vraelys kan aangevra en aansoeke ingedien word by ngkerkboshof@gmail.com of op 064 690 1618.

Kerkkantoor: Mary van Rensburg. – 064 690 1618.
Beroepingskommissie se voorsitter: Ds Lindo Pieters – 067 530 6738.
Leierouderling: Andrie de Kock – 082 345 8990.

**Diensaanvaarding:** So gou as moontlik

Die vakature-advertensies verteenwoordig die standpunte van die adverteerder en nie noodwendig dié van *Kerkbode* nie.

*Die volgende Kerkbode verskyn op 26 Junie 2026*

Ondersteun kerkjoernalistiek via ons donasieplatform:

bybelmedia.co.za/donations/vriende-van-kerkbode/

## NG GEMEENTE FRASERBURG

### VAKATURE: VOLTYDSE LERAAR – PERMANENTE POS

***Hier is ’n ideale pos vir ’n predikant wat nog altyd gehunker het na die rustigheid, veiligheid en skoonheid van die Karoo.***
***Die aangename, vriendelike en gasvrye mense maak van Fraserburg ’n tuiste.***
***Ons glo dat die Hemelse Vader dit op die ideale predikant vir ons gemeente se hart sal druk om vir hierdie pos aansoek te doen.***

**Gemeenteprofiel:**
Fraserburg is ’n plattelandse Karoo-gemeente met ongeveer 240 lidmate.
Die gemeente bestaan al vanaf 1851 (vanjaar 175 jaar oud) en was deur die jare kenmerkend getuienisgeoriënteerd. Hier is ’n goeie balans tussen senior lidmate en jonger lidmate. Die jonger lidmate is baie betrokke by die gemeente. Die kerkraad bestaan 90% uit jonger lidmate en daar is ’n baie sterk jeugbediening. Die betrokkenheid van die jonger lidmate het ’n vernuwende en energieke uitwerking op die gemeente.

**Posprofiel:**
Ons verlang na ’n meelewende geestelike leier wat met Artikel 9 van die Kerkorde as riglyn die gemeente kan opbou met die hulp van die Here om meer en meer sy roeping plaaslik en na buite uit te leef. Kleingroepbediening, huisbesoek en pastorale versorging moet voorrang geniet.

**Vergoeding:**
Maksimum R450 000 (Cost to company).
Byvoordele:
- Gemeentevoertuig word voorsien vir amptelike werk.
- Pastorie met drie slaapkamers en gastesuite.
- Volledige sonkragstelsel gerugsteun deur Eskomkrag.
- Gratis Wifi by die pastorie en kerk.
- Skootrekenaar.
- Geen munisipale kostes nie.

Ons bede is dat alle leraars wat aangespreek is deur hierdie pos, die vrymoedigheid sal neem om ons te kontak.

**Navrae:**
Skriba, Mariet van Wyk 083 556 9398.
E-pos: ngkfraserburg@breede.co.za
Hoofouderling, Pieter le Roux 023 741 8855 (na ure) of 082 390 6699.
E-pos: eselfontein1@gmail.com

**Aansoeke:**
Stuur ’n CV wat ’n bondige weergawe van jou roepingsverhaal, jou gawes en persoonlike besonderhede insluit na: ngkfraserburg@breede.co.za.
Gee ook die kontakbesonderhede van drie referente.
**Sluitingsdatum: 15 Julie 2026.**
**Moontlike diensaanvaarding:** 1 Oktober 2026.

## NG GEMEENTE MÔREGLOED, PRETORIA

stel hiermee biddend die volgende vakature bekend:

### LERAARSPOS (VASTETERMYN DRIE JAAR)

**GEMEENTEPROFIEL**
Die gemeente is ’n tipiese voorstedelike gemeente in die noord-oostelike deel van Pretoria (bekend as die Moot), wat tans uit ongeveer 167 belydende en 13 dooplidmate bestaan. Die gemiddelde ouderdom van lidmate is ongeveer 55 jaar.

**LERAARSPROFIEL**
Die geskikte kandidaat moet
- Oor eie huisvesting binne bereikbare afstand van die gemeente beskik.
- Self voorsiening maak vir pensioen- en mediesefondsbydrae.
- Nie ouer as 67 jaar wees nie.

**POSBESKRYWING**
Die predikant moet die verantwoordelikhede soos omskryf in Kerkorde Artikel 9 uitvoer met die klem op die opbou van die gemeente en die geestelike versorging van lidmate.

**VERGOEDINGSPAKKET**
- Die totale TKVI per maand is R20 000.

**AANSOEKE**
- Aansoeke sluit op **17 Julie 2026** om 00:00.
- Aansoeke moet vergesel wees van ’n verkorte CV (maksimum drie bladsye) met vermelding van twee referente en moet gestuur word aan: kerkkantoorNGKMoregloed@gmail.com
- Aanvangsdatum: So gou moontlik.
- Navrae: Ilse van Hemert 079 426 7904.

*Die kerkraad behou die reg voor om nie ’n aanstelling uit die aansoeke te maak nie.*

Stuur Amptelike Nuus na kerkbode@tydskrifte.co.za

Hierdie kennisgewings is op 21 Mei 2026 opgedateer.

**BEROEP**
Ds JA (Driaan) Britz van Rustenburg-Suid na Pretoria-Tuine; ds GJ (George) Hugo (emeritus) na Pofadder; prop T (Théan) Meiring na Kareedouw; ds SH (Stephan) Swart van Bethlehem-Efrata na Calvinia; dr SC (Suzanne) van der Merwe van Kroonstad-Noord na Universitas-Wes; prop LMD (Thea) Wait as diensleraar na De Duin; ds B (Riekie) Wilken van Dealesville na Rustenburg.

**AANVAAR**
Ds M (Monozel) Els van Drie Riviere na Uitenhage-De Mist; prop PE (Flippie) Kotzē (ná colloquium doctum) na Ohrigstad; prop T (Théan) Meiring na Kareedouw; prop E (Etienne) Snyman na Parow; ds SH (Stephan) Swart van Bethlehem-Efrata na Calvinia; dr SC (Suzanne) van der Merwe van Kroonstad-Noord na Universitas-Wes; prop LMD (Thea) Wait as diensleraar na De Duin.

**BEDANK**
Ds LJ (Louis) Fourie voorheen van Marble Hall vir Birchleigh.

### WES-KAAPLAND

**BEROEP**
Ds George Jozua Hugo (emeritus) is op Donderdag 7 Mei 2026 tydens 'n spesiale kerkraadsvergadering beroep na NG Kerk Pofadder. (08.05.2026).
Die NG Gemeente Calvinia het vir ds Stephan Swart van die NG Gemeente Bethlehem-Efrata beroep. (Sarina van Rhyn, sekretaresse: NG Gemeente Calvinia, 24.04.2026).

**AANVAAR**
Ds Stephan Swart van die NG Gemeente Bethlehem-Efrata het die beroep na die NG Gemeente Calvinia aanvaar. (Sarina van Rhyn, sekretaresse: NG Gemeente Calvinia, 07.05.2026).

**BEVESTIGING**
Proponent Etienne Snyman het die beroep as tentmaker by NG Gemeente Parow aanvaar. Hy is op 17 Mei deur ds Annelet Slazus bevestig. (Ria Strydom, skriba: NG Gemeente Parow, 14.05.2026).

### OOS-KAAPLAND

**BEVESTIGING**
Ds Monozel Els van die NG Gemeente Drie Riviere het die beroep na die NG Kerk Uitenhage-De Mist aangeneem. Sy word op 7 Junie 2026 by De Mist bevestig. (Danita Faasen, skriba/kassier, 24.04.2026).
Diensleraar Thea Wait van die NG Gemeente Tarkastad het die beroep aanvaar na die NG Gemeente De Duin. Sy is op Sondag 12 April deur ds Rian Vlok as leraar bevestig. (Ds Thea Wait, diensleraar: NG Gemeente De Duin, 20.04.2026).
Neem asseblief kennis dat NG Gemeente Kareedouw vir proponent Théan Meiring vanaf die gemeente Pretoria-Faerie Glen, beroep het. Hy sal op 'n termynbepaalde kontrakpos van ses maande aangestel word waarna sy kontrak, by verstryking van die periode, weer oorweeg sal word vir 'n verdere aanstelling. Proponent Théan het die beroep aanvaar en het op 1 Mei 2026 in hierdie gemeente begin. Hy het sy intreepreek gelewer op Sondag 3 Mei 2026 om 09:30 die oggend. Hy is toe op Sondagaand, 3 Mei, om 18:00 georden. (Neels Scholtz, kantoorbestuurder: NG Kerk Kareedouw, 15.04.2026).

### VRYSTAAT

**BEROEP**
Dr Suzanne Cicilia van der Merwe van die NG Gemeente Kroonstad-Noord is na NG Gemeente Universitas-Wes, Bloemfontein beroep. (Ria de Wet, administratiewe bestuurder: Universitas-Wes, 20.04.2026).

**AANVAAR**
Dr Suzanne Cicilia van der Merwe van die NG Gemeente Kroonstad-Noord het die beroep na die NG Gemeente Universitas-Wes, Bloemfontein aanvaar. Sy word Sondag 5 Julie 2026 in die gemeente bevestig. (Ria de Wet, administratiewe bestuurder: Universitas-Wes, 19.05.2026).

### NOORDELIKE

**BEROEP**
Ds JA (Driaan) Britz van die NG Gemeente Rustenburg-Suid is na die NG Gemeente Pretoria-Tuine beroep op 'n beroepingsvergadering wat plaasgevind het op 9 Mei 2026. (Marlia Rotteveel, skriba: NG Gemeente Rustenburg-Suid, 09.05.2026).
Ds Beatrix (Riekie) Wilken van die NG Dealesville is beroep na NG Rustenburg Moedergemeente. (Colette Frey, saakgelastigde: NG Rustenburg Moedergemeente, 24.04.2026).

### HOËVELD

**BEDANK**
Ds Louis Fourie het nié die beroep na die NG Gemeente Birchleigh aanvaar nie. (Susan Moolman, tesourier: NG Gemeente Birchleigh, 04.05.2026).

### OOSTELIKE

**EMERITAAT**
Ds Chris Lötter het op 26 April sy aftreepreek by die NG Gemeente Rayton gegee. (Liza Strydom, skriba: NG Gemeente Rayton, 21.04.2026).

**BEVESTIGING**
Prop Philippus Erasmus (Flippie) Kotzé van Petrusburg is op Sondag 10 Mei 2026 bevestig as leraar in die NG Kerk Ohrigstad in Limpopo. Ds JPJ Koen van Burgersfort het die bevestiging gedoen en is ook ons gemeente se konsulent. Ds Johan Botha van die Oostelike Sinode het meegemaak in die bevestiging. (Sarähjöh Marais, skriba: NG Kerk Ohrigstad, 11.05.2026).

**Getuienis van oom Neville Cloete uit Zambië:**

# 'Toe kom daar 'n vrede oor my'

**Ds Willem Schoeman skryf:**
As leraar van die Dutch Reformed Church of Zambia ontmoet ek interessante mense hier in Zambië. Sommige met uitsonderlike getuienisse wat ek graag met die wêreld wil deel. Getuienisse van God se sorg, sy grootheid en sy hand van beskerming.

Oom Neville Cloete woon op die plaas Eastwood Farm op die dorpie Livingstone aan die voet van die wêreldbekende Victoria-valle. Dit is op die grens tussen Zambië en Zimbabwe. Toe ek oom Neville die eerste keer op sy plaas ontmoet het, vertel hy my dat iemand hom onlangs gevra het: "Neville, glo jy nog?"

Waarop hy toe antwoord: "Ja, ek glo nog. Kom dat ek jou vertel …"

Hy gaan toe voort om te vertel van 'n besondere dag in sy lewe waar hy die Here se bonatuurlike hand van beskerming ervaar het.

Dit was 4 November 1979. Oom Neville sê hy onthou dit asof dit gister was. Hy het reeds tweeuur in die oggend – in die donkerte van die nag – uitgegaan om die koeie te melk. Teen omtrent vyfuur was hy klaar en het huis toe gegaan om tee te maak en die dag met mevrou Elsje Strydom bespreek. Hy het haar "Ma Strydom" genoem, alhoewel dit nie sy biologiese ma was nie. Mevrou Elsje Strydom was toe reeds weduwee en was vroeër getroud met mnr Strydom – 'n ingenieur vanaf Joubertina en neef van die eerste minister.

Skielik was daar 'n klop aan die stoepdeur en hy het gegaan om te kyk wie dit was. By die deur staan drie manne met AK47's. Hulle het vir hom gesê om saam met hulle te loop en het sy hande agter sy rug vasgemaak. Toe het hulle hom die bosse ingeneem en gevat tot by 'n kommetjie tussen die bome. In die bodem van die kommetjie het hulle hom met die AK47 agter die kop geslaan, sodat hy 'n paar oomblikke bewusteloos was. Kort daarna het hy weer bygekom en hulle het hom op sy knieë laat staan. Toe hy opkyk was daar nog van die manne met die Ak47's teen die bokante van die kom. Daar was nou omtrent tien. Die klomp was Matabeles uit Zimbabwe wat volgelinge van Joshua Nkoma was. Joshua Nkoma was Robert Mugabe se kompetisie op daardie stadium. Donker wolke het saamgepak sodat dit skemer geraak het. 'n Fyn reën het begin val. Sy twee honde het saam met hom gestap en een hond het by hom kom sit. Toe het hulle hom allerlei vrae begin vra. Vrae soos: "Wie ken jy?" Hulle het hom gevra hoekom gaan sy ligte in die nag aan en af. Huisves hy dalk mense wat hulle teëstaan? Hy het verduidelik dat hy net 'n doodgewone melker was en nie by enige politiek betrokke was nie. Die rede hoekom die ligte so aan en af gaan, is omdat die koeie so vroeg gemelk moet word. Hy het al die vrae so eerlik as moontlik en na die beste van sy vermoë beantwoord. Soos die donker wolke saamgepak het, het dit al hoe meer skemer rondom hulle geraak.

Skielik het daar 'n helder lig uit die hemel reg langs hom geval. 'n Totale vrede het oor hom gespoel en al die geweldige angs wat hy beleef het, het heeltemal verdwyn. Hy het by homself gedink: As dit is hoe die hemel is – om soveel vrede te ervaar – dan gee hy nie om om hemel toe te gaan nie. Hy het toe vir die manne gesê dat hy nie langer enige vrae gaan beantwoord nie. Hulle kan maar skiet as hulle wil skiet. Hy sien toe hoe die manne onder mekaar gesels. Hulle gedrag het verander. Waar hulle eers baie aggressief was, het hulle met vrede en deernis begin optree. Hulle het sy hande losgemaak en sy regterhand masseer waar hy baie seergekry het. Die drie wat hom kom haal het, het hom weer teruggeneem huis toe.

By die huis aangekom was die Zambiese polisie reeds daar. Mevrou Elsje Strydom het intussen die polisie gebel. Die polisie het vir die manne met die AK47's gevra om 'n verklaring af te lê, maar hulle het geweier en net weggeloop. Oom Neville wou eers nie 'n verklaring aflê nie, maar hulle het vir hom verduidelik dat president Kenneth Kaunda graag wou weet wat met die boere op Livingstone gebeur. Toe lê hy 'n verklaring af en vertel alles presies soos dit gebeur het.

Omtrent twee weke later was een van die drie manne weer daar. Oom Neville het aanvanklik gedink die man het teruggekom om wraak te neem. Die man het saam met hom gestap tot hulle by 'n mopanieboom gekom het. Daar het die man oom Neville se hand gevat en vir hom gesê: "I apologise for what happened. It will never happen again."

Kort daarna het president Kenneth Kaunda "Operation Clean up" aangekondig waar alle gewapende Zimbabwiërs wat in Zambië was, moes terugkeer Zimbabwe toe.

Na soveel jare is oom Neville nog hier om hierdie besondere getuienis te vertel. Alle eer gaan aan die Here!